# Dagstukkies 3

## Inspirerende Gedagtes uit Die Woord

VOLUME 3

Danie Nell

# DAGSTUKKIES (NO. 3)

**Die eerste twee boeke met "Dagstukkies"**

**was so in aanvraag dat ek**

**ge-inspireerd was om ook**

**"Dagstukkies No. 3"**

**die lig te laat sien.**

**Ek stuur daagliks meer as 300 "Dagstukkies" per E-Pos.**

**Talle "forward" dit, selfs tot twintig ander mense.**

Vertalings wat ek gebruik het

Ou en Nuwe Afrikaanse Bybel

Die Boodskap

Die Lewende Bybel

The New King James

The Living Bible

The Amplified Bible

Danie Nell, Jeffreysbaai – Desember 2013

Epos adres: dnell@inetcom.co.za

ISBN 978-0-620-55271-4

# God wil ons verhoor

**1 Johannes 5:14** *"En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil."*

The Amplified Bible: *"And this is the confidence – the assurance, the [privilege of] boldness – which we have in Him: [we are sure] that if we ask anything (make any request) according to His will (in agreement with His own plan) He listens to and hears us."*

As ons bid wil ons tog graag antwoorde op ons gebedes verkry. Jy en ek weet dat wanneer ons enige iets vra volgens God se wil, dat ons dadelik groot vrymoedigheid in ons harte het.
Dit skep dan verwagting dat die Here ons hoor en dat ons 'n positiewe antwoord kan verwag.
My aanbeveling is dus dat ons eers seker sal maak dat ons in God se wil bid. Sekere dinge is baie duidelik uitgespel in die Bybel wat Sy wil is. Soos, dat mense gered en bevry moet word; dat Hy die God is wat genees en dat Hy vir ons wil voorsien in ons tydelike behoeftes. Daar is genoeg Skrifte in die Bybel wat al hierdie dinge bevestig. Hiervoor kan ons met vrymoedigheid bid. Bv. As jy weer vir iemand se genesing bid – sien die persoon soos hy en sy moet wees!
Maar dan is daar tog dinge waar ons seker moet maak wat die Here se wil daaroor is. Hoe sal ons weet? 1 Joh. 3:21 gee die antwoord: *"Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God; en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons Sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom"* Moet dus nie aanhou oor iets bid terwyl jy nie vrymoedigheid in jou hart het nie. 'n Prediker het dit eenmaal so gestel: *"95% of the will of God is above your shoulders"*

Luister dus mooi na jou hart, en as jy vrymoedigheid het, kan jy met verwagting uitsien dat die Here jou sal verhoor.

# Reiniging

**1 Johannes 1:7** *"Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde"*
Die Boodskap: *"Maar wat nou daarvan as ons iets doen waarvan God nie hou nie? vra jy dalk. Wel, dit is juis God se Seun, Jesus, se offerbloed wat ons geestelik silwerskoon was – daar bly nie een sonde oor nie! Dit beteken dat ons rein voor God kan staan"*

Vanoggend het ek wakker geword met die woord "Reiniging" in my hart. Wat 'n wonderlike ding is dit net nie om skoon en rein te wees nie? Ek het toe gaan kyk wat sê die Woordeboek van hierdie woord. Die volgende verklaring vind ek toe daarin.
Reiniging beteken: "Skoonmaak; vuilheid verwyder asook bevry uit 'n toestand van sonde en skuld"
Volgens Levitikus 14 het bloed 'n groot rol gespeel by die reiniging van die melaatse. Die melaatse, wat gereinig was, moes na die priester gaan. As die priester sien dat hy genees is, was hy gevra om twee rein voëls te bring as offer. Die een is geslag in 'n erdepot oor vars water, sodat die bloed met die water gemeng het. Die lewende voël het hy gedruk in hierdie mengsel met bloed en water, terwyl die melaatse sewe maal besprinkel was met die water en bloed. Die lewende voël was dan toegelaat om oor 'n oop veld weg te vlieg. Die melaatse moes sy klere was, al sy hare afskeer en 'n bad neem. Hy moes sewe dae wag voordat hy weer deel kon word van sy mense.
Dank God, ons reiniging, het nie hierdie ritueel nie! Wanneer ons bewus raak dat ons reiniging nodig het, kan ons doen wat in 1 Joh. 1:9 geskrywe staan, deur God om verskoning te vra.

Ek hou van die vertaling in Die Boodskap wat sê dat God ons dan *"geestelik silwerskoon was – daar bly nie een sonde oor nie! Dit beteken dat ons rein voor God kan staan"*
As jy nie vandag reiniging nodig het nie, dra die boodskap oor aan iemand wat dit wel nodig het!

## Ankers van die siel

**Hebreërs 6:19** *"...en ons het dit (naamlik dat God nie kan lieg nie) as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel"*
Die Boodskap: *"Om God so te vertrou is soos 'n geestelike anker. Dit gee ons lewe vastigheid en sekerheid. Dit verbind ons ook direk met God..."*

Ons grootste anker in die lewe is dat die God wat ons dien, nie kan lieg nie! Die Bybel is in alle opsigte waar. Elke belofte kan jy op vertrou, want God beloof in Jes. 55:11: *"...so sal My woord wees wat uit my mond uitgaan; dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur"*
Wees kinderlik soos een van ons gemeente dames, jare gelede. Sy het een nag baie siek geword en omdat hulle vêr van die dorp gewoon het, wou sy my nie laat die nag bel nie. Sy het egter haar Bybel oopgemaak op Psalm 91 en die oop Bybel op haar bors geplaas. Net daar het sy God herinner aan Sy belofte in hierdie Psalm, naamlik dat Hy ons sou beskerm. Haar getuienis die volgende dag was dat die Bybel vir haar 'n anker was en dat God haar net daar genees het. Moet nooit twyfel in jou Bybel nie, want dit is 'n anker vir jou siel.
Nog 'n anker van ons siel is gebed. Hiskia het hierdie anker gebruik (toe hy besig was om te sterf) en God het hom 15 jaar langer laat leef. (Lees 2 Kon. 20) Moenie ophou bid nie, want jou gebed is 'n anker wat jou konnekteer met God.
Nog 'n anker is die "hoop" wat ons het. Heb. 6:18: *"Ons moet vas hou aan die hoop wat voorlê; en ons het dit as 'n anker van die siel..."*

Jy wou al tou opgooi, maar skep moed: Die beste lê nog voor!
Paulus se anker was: *"Ek is van een saak oortuig: al ons swaarkry weeg glad nie op teen die wonderlike lewe wat op ons wag in God se nuwe wêreld nie"*
(Rom. 8:18 – Die Boodskap)

## Here, open my oë

**2 Konings 6:17** *"En Elisa het gebid en gesê: Here, open tog sy oë, dat hy kan sien."*

Hierdie is die verhaal waar die Arameërs se leermag gestuur was om die profeet Elisa te vang, en waar sy dienskneg benoud geraak het en gevra het wat hulle moet doen. Elisa het toe gebid dat God sy dienskneg se geestelike oë sou oopmaak sodat hy ook die leermag van die hemel sou sien wat deur God gestuur was om hulle te beskerm.

Deur die jare heen het dit vir my duidelik geword dat die dinge wat ons met ons fisiese oë kan sien nie die belangrikste dinge in die lewe is nie. Inteendeel, dit wat ons nie kan sien nie het baie meer waarde as die dinge wat ons wel kan sien.

Omdat Elisa meer kon "sien" was hy instaat om te weet wat die koning van die Arameërs en sy leerowerstes in die geheim besluit het. (2 Kon. 6:8) God wil ons meer laat sien.

Ek bid dat elke besigheidsman en –vrou, wat die Here opreg dien, se geestelike oë sal oop wees om die gevare te sien maar ook die geleenthede wat die lewe bied!

Neem kennis, ons stryd is nie teen mense nie, maar teen die bose magte. (Ef. 6:12) As jou geestelike oë oop is, sien jy meer as die probleme, jy sien die oorwinning.

Elisa het wel die leermag van die Arameërs gesien, maar hy kon ook sien dat die berg om hulle vol perde en waens van vuur was, terwyl sy dienskneg net die vyand se soldate gesien het. Dit het hom laat vrees.

Wanneer siekte soos 'n kombers oor jou toesak – vertrou die Here om jou oë te open dat jy die genesing kan "sien"

Dieselfde geld as alles finansieël in duie stort. Glo in 'n teks soos Fil. 4:19 *"En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus"*

Mag die Here jou oë so oopmaak dat jy opnuut sal glo dat God sal opdaag om te help.

Daar is werklik meer as wat jou vleeslike oë kan sien!

# Eenheid

**Efesiërs 4:13** *"So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees..."*

Die Boodskap: *"Op dié manier sal die liggaam van Christus sterk word en kan wees wat dit behoort te wees. So sal ons al hoe nader aan mekaar beweeg en al hoe meer 'n eenheid vorm."*

Die Here roep ons tot 'n eenheid. Om dit te bereik moet ons ons verskille en opinie eenkant plaas. Hou op om te dink dat jou opinie so belangrik is dat almal dit moet hoor.
Jesus se gebed vir eenheid is so noodsaaklik dat ons 'n hele hoofstuk daaroor vind wat opgeteken is in Johannes 17. (Lees dit weer met aandag)
Baie sal miskien sê: "Hoe kan ek in 'n eenheid kom met hulle wat in 'n ander denominasie is as ek? Ek kan nie alles, wat al die jare vir my belangrik was, laat staan om 'n eenheid met hulle te vorm nie. Die leerstellings waarin ek glo is vir my nie onderhandelbaar nie." Wat hulle nie verstaan nie is dat die Bybelse eenheid niks te make het met wat ek glo reg is nie. Dit sluit in: Wat ek glo oor die Ou Testamentiese wet; die sabbat; die wederkoms en wegraping; hoe die gawes behoort te werk en selfs hoe ek meen ons moet sing en die Here moet aanbid nie. In elk geval, aanbidding gaan nie oor my nie, maar oor God!
Verskillende leeringe is soos die wind wat in verskillende rigtings waai. (Lees weer hoe Paulus dit stel in Ef. 4:14-16)
Die belangrikste is dat God ons tot 'n eenheid roep, daarom mag ons niks toelaat wat verdeeldheid kan veroorsaak nie.

Begin werk aan 'n eenheid in jou huis, deur dié dinge uit te skakel wat verdeeldheid bring.
Praat positief met mekaar en vermy afbrekende kritiek.
Leer om komplimente te gee. Dit is nie so moeilik nie!

# Heerskappy is op Sy skouer

**Jesaja 9:5** *"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer; en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors."*

Hierdie was die teks wat die prediker gepreek het, by 'n huisdiens op 'n plaas in die Limpopo, toe ek tot bekering gekom het. Dit was op 'n Sondagaand, en ongeveer elfuur daardie aand het ek langs my bed hierdie "Kind wat vir my gebore was" aangeneem as my Saligmaker. (Joh. 1:12) Ek onthou hoe ek van die volgende oggend af so nuut gevoel het. Wat 'n heerlike ondervinding was dit net nie! En deur die jare was Jesus vir my voorwaar: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader en Vredevors.

Soms lyk dit vir ons of geregtigheid gaan verloor. Maar ek verseker jou dat God nog in beheer is in hierdie wêreld. Matt. 28:18 is waar dat alle mag, in die hemel en op aarde, aan Hom gegee is. 'n Prediker het eenmaal dit so gestel: *"Ek het die Bybel deurgelees en ek weet wie gaan wen!"*
Jesus het mag oor die duiwel. 1 Joh. 3:8 *"Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek"* Daarom hoef jy dus nie die duiwel te vrees nie. Vrees ook nie die dood nie, want Jesus besit die sleutels van die dood en nie die duiwel nie. In Op. 1:17,18 lees ons dat Jesus gesê het: *"Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood"* (Lees ook Heb. 2:14,15) Jesus het ook mag oor siekte en het deur Sy wonde genesing gebring. (Jes. 53:4,5)

Sy skouers is breër as joune, en Hy sal jou laste dra.
Hy is voorwaar instaat om vir jou 'n deurbraak te gee.
*"Laat jou weg aan die Here oor en vertrou op Hom,
en Hy sal dit uitvoer"* Psalm 37:5

# Liefde bedek

**1 Petrus 4:8** *"Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, want die liefde sal 'n menigte sondes bedek."*
Die Boodskap: *"Daar is niks so belangrik as dat julle mekaar liefhet asof julle eie lewe daarvan afhang nie. Die liefde sien ander se foute oor en gaan nie daaroor te kere nie."*
Die Lewende Bybel: *"Die belangrikste van alles is dat julle mekaar van harte moet liefhê. As 'n mens iemand liefhet, maak jy nie 'n bohaai oor al sy foute nie"*

Wat maak jy as jy iemand met jou regterhand moet groet maar jou vinger is seer? Jy groet met die linkerhand. Die rede hiervoor is dat jy die vinger wat seer is, beskerm. Net so moet ons maak met mense wat seergekry het in die lewe. Hoekom is ons geneig om hulle wat foute gemaak het se foute bekend te maak aan ander?
Dit is altyd 'n treffende verhaal vir my in Genesis 9:20-23 waar Sem en Jafet vir Noag, hul vader, se naaktheid bedek het. Noag het wel verkeerd opgetree, maar sy seuns het sy naaktheid bedek met 'n kleed. Dit spreek van ware respek en liefde. Wat verhinder ons om so op te tree?
Die skilder wat Alexander die Grootte geskilder het, het hom geskilder waar hy in bepeinsing sy hoof op sy hand laat rus het – sodoende was die lelike wond aan sy wang wat hy in die oorlog opgedoen het, bedek. Kom ons leer van hierdie skilder dat ware liefde en respek kan bedek.
Die liefde wat Israel se koning vir sy mense gehad het, was daarin dat hy nie sy roukleed vertoon het terwyl hy saam met hulle hongersnood gely het nie. Hy het sy roukleed bedek met sy koningskleed. (2 Konings 6:25-30)

Die Heilige Gees het God se liefde, volgens Rom. 5:5, uitgestort in ons harte. Gebruik vandag daardie liefde wat in jou is, soos 'n kleed om te dek waar dit nodig is.

## Die pad van die Here

**Jesaja 35:8,9** *"En daar sal 'n grootpad wees en 'n weg wat die heilige weg genoem sal word; geen onreine sal daarop voorttrek nie...maar die verlostes sal daarop wandel"*
Die Boodskap: *"Hierdie pad is bedoel vir mense wat 'n verhouding met die Here het en wat reg lewe. Mense wat die Here nie ernstig opneem nie, sal nooit die reg hê om hierdie pad te gebruik nie. Daar sal nie gevare op die pad wees nie, want die Here het dit spesiaal vir sy kinders gebou sodat hulle veilig en maklik by Hom kan uitkom"*

Die pad wat jy met die Here loop is spesiaal gemaak dat jy veilig en maklik daarop kan wandel. Dan sê Die Boodskap in vers 10: *"Hulle hartseer en swaarkry sal iets van die verlede wees."* Wat 'n besondere deel in die Bybel oor die pad wat die Here vir Sy kinders beplan het!
Alhoewel hierdie gedeelte gaan oor hoe Israel in blydskap sal terugkeer na Jerusalem, is dit ook 'n belofte aan ons dat op God se pad wil Hy vir jou en my ook seën.
Glo vandag dat jou hartseer en swaar iets van die verlede is, en tree op soos wat ons lees in Neh. 8:10: *"Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die Here – dit is julle beskutting"*
Jy gaan nie veel regkry met huil nie, maar wel met blydskap. Blydskap is soos 'n muur om jou, om jou te beskerm. Daarom is dit nodig dat jy jou seëninge altyd sal tel. Wanneer ons lees in 1 Thes. 5:18 *"Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle"* moet ons mooi verstaan dat die Bybel nie sê *"**vir** alles"* nie, maar *"**in** alles"* Ons dank God nie vir verkeerde dinge wat met ons gebeur het nie, maar in enige omstandigheid loof ons God omdat Hy ons God is.

Maak seker dat jy op die Here se pad is.
Glo dat Hy jou sal bewaar van alle onheil en gevaar.
Dank Hom dat hartseer iets van die verlede is, vir jou en jou gesin!

## Jesus – ons Hoëpriester

**Hebreërs 4:14** *"Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou."*

**Die Boodskap:** *"Ons bely dat ons God vertrou en daaraan moet ons met albei hande styf vashou. Ons het baie goeie rede om dit te doen: Jesus, die Seun van God, is ons groot Hoëpriester wat tot by God self gegaan het. Hy sal ons saak by God behartig."*

Lees gerus Heb. 4:14-16 asook Heb. 5:1-3 en Heb. 7:25-27
Jesus – ons Hoëpriester het 2000 jaar gelede ingegaan in die allerheiligdom om vir ons die finale versoening te doen vir ons sondes! Jesus het vir ons gesterf aan die kruis, maar het ook opgestaan. Paulus skryf in 1 Kor. 15:14: *"En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof."* Dank God vir Jesus wat opgestaan het en 'n volkome versoening gebring het vir ons sondes.
Martin Luther was op 'n dag baie mismoedig. Sy vrou het toe by sy studeerkamer ingekom met 'n swart rok aan. Hy vra haar of iemand dood is? Haar antwoord was: "Ja, Jesus Christus is dood!" Hy spring toe op, en roep uit: "Maar, my vrou, Hy het dan opgestaan!" Vandaar was hy God se instrument in die groot Kerk Hervorming.
Volgens Heb. 9:13,14 reinig die bloed van Jesus ons gewete sodat ons God kan dien.
1 Joh. 1:7 lees in Die Boodskap: *"Maar wat nou daarvan as ons iets doen waarvan God nie hou nie? vra jy dalk. Wel, dit is juis God se Seun, Jesus, se offerbloed wat ons geestelik silwerskoon was – daar bly nie een sonde oor nie! Dit beteken dat ons rein voor God kan staan"*

Dank God dat Jesus Christus opgestaan het.
Laat ons leef soos mense wat glo dat Jesus opgestaan het.
As jy gewas is deur Sy bloed, beteken dit dat jy rein voor God staan. Glo dit!

# Wysheid

**Jakobus 3:17** *"Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins"*

As ons bogenoemde teks ontleed, kan ons verstaan waarom koning Salomo wysheid begeer het, bo 'n lang lewe en rykdom. Wysheid wat van die Here kom word uitgeken aan sewe pilare waarop dit rus. Die eerste pilaar is: Reinheid. Want 'n onrein hart kan nie ware wysheid besit nie.
Iemand wat wysheid besit is vredeliewend, menende dit is iemand wat vrede kan maak. Natuurlik is 'n wyse mens 'n vriendelike mens. En as die Bybel praat van 'n persoon wat "geseglik" is, dan meen dit iemand wat gewillig is om na ander te luister. Dit is ook iemand wat "vol barmhartigheid en goeie vrugte" is, of soos The Living Bible dit stel: *"full of mercy and good deeds"* En as ons teks sê dat ware wysheid word getoets wanneer iemand "onpartydig" is, meen dit dat so'n persoon niemand bevoordeel nie.
Die sewende pilaar van wysheid is iemand wat "ongeveins" is. Dit is iemand wat gladnie skynheilig is nie, maar wat eerlik en openhartig is. Voorwaar 'n mond vol!
Hoor wat sê wysheid van homself in Spreuke 8:12-14,35: *"Ek is wysheid. Ek woon by mense met insig en ek gee hulle kennis en die vermoë om reg te besluit. As 'n mens vir die Here ontsag het, haat jy alles wat verkeerd is. Daarom hou ek nie van hoogmoed en verwaandheid, slegte gedrag en lelike praatjies nie. By my is daar goeie raad en 'n gesonde oordeel. Ek het insig en krag...Want as iemand by my uitgekom het, het hy by die lewe uitgekom en dan sal die Here vir hom goed wees"*

Toets jouself, volgens bostaande verduideliking, of jy ware wysheid het. Jy kan wysheid van die Here bid, wat dit aan jou sal gee, sonder om jou te verwyt.
Dit is mos die moeite werd om so'n God te dien?

# Vrees God

**Prediker 12:13** *"Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou Sy gebooie; want dit geld vir alle mense."*
Die Lewende Bybel: *"Die belangrikste van alles in die lewe is dit: jy moet vir God ontsag hê en Sy bevele gehoorsaam"*

Gister se "Dagstukkie" het gegaan oor Wysheid. In Spreuke 9:10 lees ons: *"Die beginsel van die wysheid is die vrees van die Here..."* Jy en ek sal as wys beskou word indien ons God sal vrees. Maak soos die Lewende Bybel dit stel: *"jy moet vir God ontsag hê en Sy bevele gehoorsaam"*
Jesus het in Matt. 10:28 hierdie verklaring gemaak: *"En moenie vrees vir dié wat die liggaam doodmaak nie, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer (dit is God) wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel"*
Ek bid vir 'n vrees vir God in ons harte! Dit meen nie om vir God bang te wees nie, maar om vir Hom ontsag, eerbied en respek te hê. Die Griekse woord vir vrees is *"eulabeia"* en dit beteken *"om versigtig te wees"* As jy God vrees sal jy versigtig wees om nie verkeerde dinge te doen nie, maar 'n skoon lewe te leef. Onthou dat 'n lewe van heiligmaking sluit jou gees, siel en liggaam in. Dit is die boodskap wat ons vind in 1 Thes. 5:23 Die vrees van die Here was een van dié dinge wat bygedra het dat die gemeentes in die eerste Kerk gegroei het. (Jy sal dit lees in Hand. 9:31) As ons geestelike groei in ons eie lewens wil sien, sal die vrees vir God weer 'n deel moet wees van ons leefwyse.

Ek bid die woorde van 1 Thes. 5:23 oor jou lewe, naamlik: *"Ek bid dat God, wat vrede tussen ons en Hom gemaak het, julle lewe geheel en al vir Hom opsy sal sit. Mag Hy julle met alles binne-in julle oppas tot op daardie dag dat ons Here Jesus Christus weer kom. Mag Hy julle op 'n dag silwerskoon voor Christus laat staan, sonder 'n spikkeltjie sonde in julle lewe"* (Die Boodskap)

# Hoop

**Romeine 8:24,25** *"Want ons is gered in hoop; maar die hoop wat gesien word, is geen hoop nie; want wat iemand sien, waarom hoop hy dit nog?*
*Maar as ons hoop wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met volharding."*

Rom. 5:5 sê *"en die hoop beskaam nie"* (m.a.w. Hoop op God sal ons nooit in die steek laat nie) Maar jy mag my vertel hoe jy ernstig gebid en op God vertrou het, en tog nie antwoord gekry het op jou versoek nie. My antwoord is dat ek nie Rom. 5:5 geskryf het nie. Dit was Paulus wat onder die inspirasie van God se Gees dit geskryf het. Maar moenie ophou hoop nie! Heb. 11:1 Koppel geloof en hoop aanmekaar: *"Die geloof dan is, 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."* Dit kom hierop neer dat geloof sal nie veel help as ons nie hoop het nie. Hoop dien as die bloudruk van geloof. Hoop is die beeld wat die Heilige Gees in jou hart skilder en is gebaseer op God se Woord. As die beeld in jou hart nie kan vasstaan op die beloftes in die Bybel nie, sal dié soort hoop wat jy in jou het, jou teleurstel.

Hoop is die bloudruk, maar jy kan nie 'n huis bou net met 'n bloudruk nie. Jy het materiaal ook nodig. Elkeen wat al hul eie huis gebou het, sal jou kan vertel van die hoop wat in hulle gewerk het nog voordat die huis gebou was. So werk dit ook in ons geloofslewe. As voorbeeld: In siekte gee God jou hoop in jou hart – dit is jou bloudruk. Jy neem dit en vertrou God wat beloof het dat deur Jesus se wonde jy genees is (1 Pet. 2:24) "Sien" die genesing, en niks anders nie! Hierdie beginsel kan jy gebruik in enige situasie in jou lewe, in jou finansies, jou gesin, jou studies en in jou werk.

As jy reeds iets sien hoef jy nie daarop te hoop nie.
Maar as jy God ernstig vertrou vir iets, hou vas aan die hoop wat in jou is!

**Jy sal weer opstaan!**

**2 Korinthiërs 4:7-9** *""Al is God by my, is ek maar net 'n doodgewone mens. Ek is soos 'n breekbare kleipot. Die lewe stamp my ook maar goed rond. Tog dra ek 'n baie waardevolle skat hier binne-in my rond. Daarom moet julle weet dat die groot krag van God wat deur my werk, glad nie uit my kom nie. Inteendeel: Ek kry dikwels swaar, maar ek is nooit mismoedig nie. Ek weet nie elke dag presies wat ek moet doen nie. Tog is ek nooit radeloos nie. Ek word vervolg, maar ek weet God los my nooit alleen nie. Ek word onderstebo geloop, maar ek staan elke keer weer op."* (Die Boodskap)

In hierdie Skrifgedeelte som Paulus sy lewe van swaarkry op. Tog vind ons nie dat hy mismoedig is nie maar in oorwinning en hy praat van 'n baie waardevolle skat wat binne-in hom is. Hy is ook seker dat God hom nooit alleen los nie, en al word hy *"onderstebo geloop"* of *"neergewerp"* (ou vert.) staan hy elke keer weer op! Ek hoop hierdie beskrywe ook jou lewe, soos wat dit Paulus se lewe beskryf?
Dit sal goed wees as jy gaan lees in 2 Kor. 11:24-28 wat alles gebeur het met Paulus. Die verhaal van Paulus se steniging lees ons in Hand. 14:19,20. Die Jode hom buitekant die stad gegooi het, met dié gedagte dat hy dood was.

Miskien het jy 'n teleurstelling in besigheid gehad en omtrent alles verloor? Weet dit dat dié God wat jy dien het gesê in Psalm 50:10-12 dat die vee op al die berge behoort aan Hom en die wêreld met alles wat daarin is. God het alles gemaak en besit alles. God kan jou meer gee as wat jy kan bid of wat jy kan dink. Jy is in die holte van Sy hand en niemand sal jou uit Sy hand kan ruk nie. Joh. 10:28

Ek weet nie alles wat jy tot hiertoe ervaar het nie.
Maar een ding weet ek en dit is dat niks jou onder kan hou nie.
Al word jy *"onderstebo geloop",* sal God jou help om elke keer weer op te staan.

# Reën is ‘n teken van vergifnis

**Joël 2:23** *"...juig en wees bly in die Here julle God, want Hy gee julle die leraar tot geregtigheid en laat op julle neerdaal die reën, die vroeë reëns en die laat reëns, soos voorheen."*
The Living Bible: *"...rejoice in the Lord your God! For the rains He sends are tokens of forgiveness. Once more the autumn rains will come, as well as those of spring."*

Droogte kan nooit ‘n seën wees nie. As daar egter teveel reën val wanneer jy met vakansie is en daar dae kom dat jy nie jou sport kan beoefen nie, moenie kla nie – dink aan vandag se teks. The Living Bible stel dit so pragtig: *"The rain He sends are tokens of forgiveness"* Ek hou ook van die Afrikaanse vertaling dat die reën genoem word *"die leraar tot geregtigheid"*
M.a.w. die reën is ‘n leraar (‘n boodskapdraer) wat aan ons ‘n boodskap oordra wat ons vertel dat ons voor God kan staan sonder enige skuld. Dit beteken die woord *"geregtigheid"*
Vergifnis is iets wonderliks. Geen wonder dat Dawid eenmaal uitgeroep het: *"Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is"* (Psalm 32:1)
Ek is nie ‘n volmaakte Christen nie, maar ek is voorwaar ‘n vergeefde kind van God. Alles het begin toe Jesus my vergewe het op die 5de September 1954.
Met trane het ek daardie aand my sonde aan Hom bely, en soos wat ons lees in Joh. 1:12, Jesus aangeneem as persoonlike Saligmaker. Sedertdien het Hy al telkemale my weer vergewe. Vergifnis is voorwaar soos reën wat val om die dor aarde te benat en vrugbaar te maak. Vergifnis verkwik nie alleen jou siel nie, maar help jou om vrugbaar te wees in jou geestelike wandel met die Here.

Maak seker dat jy waarlik vergewe is van alles.
Maak dubbel seker dat daar niks is tussen jou en ander nie.
Mag God se reën van vergifnis, jou geestelik “papnat” maak!

## Wat Sy koninkryk is

**Romeine 14:17** *"Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees"*

Die Boodskap: *"Dit gaan regtig nie in God se koninkryk oor wat 'n mens eet of drink nie. Allermins! Nee, daar waar God heers...Daar gaan dit oor vrede met God en oor blydskap omdat die Heilige Gees met sy groot krag aanwesig is"*

Die Griekse woord vir "koninkryk" is "basileia" en beteken dié gebied en plek waar God se wil erken en gehoorsaam word. God se wil moet gehoorsaam word: In my hart; my huis; my werk; my besigheid; waar ek studeer – ja, oral. Vir hierdie rede moet ons eerlike besigheid doen en ons harte en huise bewaar van alles wat verkeerd is.
Paulus leer dat wat ons eet en drink nie die belangrikste in die lewe is nie. Verder skryf hy: *"Dit is goed om geen vleis te eet of wyn te drink of iets te doen waardeur jou broeder aanstoot neem of struikel, of waarin hy swak is nie"* (vers 21)
Die belangste boodskap vir my vind ons in die laaste deel van ons teks, naamlik: *"geregtigheid" "vrede" "blydskap in die Heilige Gees"* Hierdie beskrywe God se koninkryk.
Geregtigheid is wanneer jy en ek voor God kan staan sonder skuld. Nie sondeloos nie, maar sonder enige sondeskuld.
Vrede! Hoe belangrik is dit net nie vir ons om vrede te besit nie, veral in hierdie lewe van so baie geestelike storms?
Dan word verwys na die blydskap in die Heilige Gees. Ja, nie die blydskap wat die wêreld bied nie. Maar dié blydskap wat daar te vinde is in die Here. Blydskap wat jy het as jy gaan slaap en wat jy het as jy opstaan. Blydskap wat soos 'n muur om jou is wat jou beskerm wanneer moeilike tye oor jou kom.

Jesus het gesê in Joh. 14:27 *"Vrede laat Ek vir julle na, My vrede gee Ek aan julle..."* Dank God vir die vrede in jou en dat jy vrygespreek is van sonde. Leer om jouself altyd te verbly in die Here – deur jou seëninge te tel!

## Wees 'n ware dissipel

**Lukas 14:26** *"As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy My dissipel nie wees nie"*
Die Boodskap: *"Wel, kom Ek sê reguit vir julle, as jy meer omgee vir jou ouers of vir jou vrou of jou kinders of vir iemand anders, moet jy nie eens probeer om agter My aan te kom nie"*

Het ons reg gelees? Terwyl die Bybel sê dat ons pa en ma moet eer sodat ons 'n lang lewe kan geniet? Wat van Ef. 5:29? *"want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie"*
Wat in Lukas 14:26 eintlik geskrywe staan is dat indien ek 'n ware dissipel van Christus wil wees, moet ek my vader, moeder, vrou, kinders, broers, susters en selfs myself minder liefhê as vir God. God moet vir my in alles nommer een wees, en veral wanneer dit by liefde kom.
'n Ware dissipel dra sy kruis (sy verantwoordelikheid) self en volg Jesus. 'n Ware dissipels is iemand wat die koste deeglik bereken, voordat hy iets aanpak. (v. 28-32)
En as jy lees in vers 33 *"So kan dan ook niemand van julle wat nie afsien van al sy besittings, My dissipel wees nie",* dan meen dit nie jy moet alles weggee wat jy besit nie. Dit is nie 'n sonde om dinge te besit nie, maar dit is 'n sonde as die dinge jou besit. Die woorde in vers 33, naamlik *"So kan dan ook niemand van julle wat nie afsien van al sy besittings, My dissipel wees nie"* leer ons dat besittings ons nie mag besit nie.
'n Ware dissipel is die sout van die aarde. (verse 34,35)
Soos wat sout kos smaak gee, moet ons smaak gee aan hierdie wêreld. En soos wat sout bederwing keer, moet ons keer dat die wêreld nie slegter word nie. Kom ons besluit om ware dissipels te wees!

Jy en ek moet as ware dissipels van Christus 'n verskil maak in hierdie wêreld. Gee "smaak" waar jy werk en woon. Dra by om agteruitgang te keer.

## Maak vir jou ‘n pad oop!

**Spreuke 18:16** *"Die geskenk maak vir ‘n mens die pad oop en gee hom toegang tot mense met mag."*
Ou Afr. Vert: *"Die geskenk van iemand maak vir hom ruimte en bring hom in teenwoordigheid van die aansienlikes."*
New King James: *"A man's gift makes room for him, and brings him before great men."*
Die Boodskap: *"‘n Geskenk bring ‘n mens ver. Respek vir ander maak jou gewild."*

Hierdie verwys nie na ons "gawes" wat ons ontvang het nie, maar dit wat ons aan ander gee. Alles wat mooi en goed is wat jy aan ander gee sal vir jou ‘n pad oopmaak en uiteindelik in kontak bring met belangrike mense.
Geskenke beinvloed mense. Dit sal selfs mense se houding teenoor jou verander, soos wat ons lees in Spreuke 21:14: *"As iemand vir jou kwaad is en jy hom stil-stil ‘n geskenk gee, sal dit sy woede laat bedaar"* (Die Lewende Bybel)
En die regte konneksies het weer ‘n geweldige positiewe invloed in jou lewe. Natuurlik neem dit tyd om die regte konneksies te maak. Neem dus vroeg die besluit om alleenlik met suksesvolle mense te konnekteer.
Dit word gesê dat daar net vier persone is tussen jou en enige belangrike persoon met wie jy graag kontak wil maak. Toets self of hierdie stelling waar kan wees vir jou.
Die hoofsaak is, leer om ‘n "gewer" te wees! Verstaan wat geskrywe staan in Spreuke 11:24 *"Daar is een wat ruim uitdeel en nog meer kry, en een wat terughou meer as wat reg is, maar tot sy gebrek."* Die Boodskap sê: *"Wie baie vir ander gee, word al hoe ryker. Wie suinig is, word al hoe armer."*

‘n Toe-hand kan nie gee nie, en ook nie ontvang nie.
Wanneer laas het jy ‘n geskenk gegee?
Want, *"‘n geskenk bring ‘n mens ver..."*
Oorweeg ‘n geskenk aan iemand vandag!

# God wil jou droom weer lewendig maak
## Skrifgedeelte: 2 Konings 4:8-37

Hierdie is die verhaal van die Sunamitiese vrou wat 'n droom gehad het oor 'n seun wat sy van God begeer het. Sy was 'n vrou wat kon "raak sien" want sy het gesien dat die profeet Elisa 'n kamer nodig gehad het waar hy kon rus. Op Elisa se profetiese woord het die Here vir haar 'n seun gegee. Maar jare later het die seun gesterf, en as gevolg daarvan ook die droom wat in haar hart was. Gelukkig eindig die verhaal waar haar seun (haar droom) weer deur die Here lewendig gemaak word. Miskien het jy ook 'n droom in jou hart gehad, maar wat "gesterf" het? Maak soos hierdie vrou. Al het haar droom (naamlik haar seun) gesterf, het haar geloof in God nie doodgegaan nie. Neem jou droom terug na God.

Hoekom word Josef geken as "Josef die dromer"? Omdat hy baie drome in sy hart gehad het. Sy broers het amper die drome in hom doodgemaak. Ek weet nie wie of wat het al probeer om die droom in jou dood te maak nie? Maar dit weet ek, dat God jou droom weer lewendig wil maak. Baie keer gebruik God mense wat ons help om die drome in ons weer lewendig te kry. Vir Josef was daar die skinker wat hy in die gevangenis ontmoet het. Hy het vir hom die deure van die gevangenis oopgemaak, toe hy Farao vertel het van Josef wat drome kan uitlê. Meer nog, Josef het ook Farao, die koning, nodig gehad om te betaal vir sy drome.
Soos die skinker het jy iemand nodig wat aan jou sal dink; en soos die koning (iemand met finansies) het jy iemand nodig om te voorsien sodat jou drome waar kan word.

God het binne jou 'n droom geplaas wat ontwerp is om doel en mening aan jou lewe te gee.
*"If you can dream it, you can do it!"*
Mag elke droom in jou 'n werklikheid word!

**Los die groei vir die Here!**

**Markus 4:26,27** *Jesus het ook vir hulle gesê: In God se nuwe ryk gaan dit soos wanneer iemand saad in 'n land saai. Terwyl hy bedags werk en snags slaap, kom die saad op en groei. Hy weet self nie eers hoe dit presies gebeur nie."*
(Die Lewende Bybel)

As mens raak ons ongeduldig en haastig, terwyl die Bybel sê in Jesaja 28:16 dat *"...hy wat glo, sal nie haastig wees nie."* Ons wil goed laat gebeur, terwyl dit net God is wat dinge maak gebeur. Ons sit baie energie in 'n saak. Ons vertrou die Here vir 'n wonderwerk – tog voel dit vir ons of nie veel gebeur nie. Maak wat die lied sê: *"Let go and let God have His wonderful way"*
Die les wat ons in ons Skrifgedeelte leer is dat die lewe soos hierdie saad is. Dit is soos 'n boer wat sy saad plant en met sy daaglikse werk aangaan en snags gaan slaap. Nadat die boer sy saad geplant het, het die saad die vermoë om self te ontkiem en te groei. Die boer weet nie eers hoe dit alles werk nie. Hy hoef dit nie te weet nie. Hoekom wil jy en ek presies weet hoe alles in die lewe werk?
Die boer moet net sorg dat sy saad reg is; dat die grond voorberei is; dat dit die regte tyd is, en dat hy dit wat hy geplant het goed versorg. Die res los hy vir die Here.
My raad aan jou is om seker te maak dat wat jy "plant" die regte "saad" is; dat jy die "saad" op die regte plek plant en dat jy dit versorg deur gebed. Laat dit dan aan God oor.

Reinhardt Bonnke het gesê: *"Moet nooit op sement saai nie"*
Wat jy selfs in jou kinders gedeponeer het moet jy verder los vir die Here.
Hy is die een wat laat groei – maak nie saak hoe nie!

## **"Bly in My, soos Ek in julle"**

**Johannes 15:5** *"Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie."*
Die Boodskap: *"Niks moet ons van mekaar skei nie! Julle moet baie naby aan My bly, soos takkies wat aan die druiwestok vasgegroei is...'n Takkie kan mos nie druiwe dra as dit eenkant lê en nie aan die druiwestok vas is nie. Net so het julle My nodig om 'n goeie, vrugbare lewe te kan lei."*

Jesus verlang dat ons in Hom sal bly. Hy gee as voorbeeld 'n loot wat in 'n druiwestok ingeënt is.
Net so sal ons produktief kan wees as ons in die Here sou bly. Hierdie geld vir alles wat jy geestelik beskou asook in enige deel van jou lewe. Jou verbintenis aan God gee sukses!
In Engelse Bybels word die woord "dwell" en "abide" gebruik.
In ander Afrikaanse vertalings vind ons die woord verbind"
Net jou verbintenis aan God sal jou suksesvol maak!

Indien ek 'n bottel vul met seewater en ek gooi die bottel in die see, dan kan ek sê dat die see nou in die bottel is en die bottel in die see. Natuurlik kan die hele see nie in 'n bottel kom nie. Ons kan nie in totaal met God gevul wees nie, maar ons kan sê die Here is in my en ek in Hom.
Die wonderlike voordele om aan die Here verbind te bly is dat jy vrugbaar sal wees. (vers 5) En het jy mooi gelees wat geskrywe staan in vers 7? *"As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry."* Wanneer jy weet dat jy in noue verbintenis met die Here leef, sal jy uitvind dat jy nie enige iets sal wil vra nie, maar net wat Hy begeer.

Jy neem persoonlik die besluit of jy in die Here wil bly.
Jy besluit dat niks jou van Christus sal skei nie. (Rom. 8:38,39)
As jy in Hom sal bly, is die voordele oneindig baie meer as wat jy ooit kan dink!

# Ware liefde

**1 Korinthiërs 13:1** *"Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword"*
Die Lewende Bybel vertaal die laaste deel soos volg: *"...dit sou net so min beteken as die geraas van 'n stuk yster waarteen 'n mens slaan"*

Dit is treffend dat 1 Kor. 13 (oor die liefde) gevind word tussen twee hoofstukke wat hoofsaaklik handel oor die gawes van die Heilige Gees. Jy kan die wonderlikste gawes besit en baie goed kan praat, maar as jy nie ware liefde in jou hart het nie, is jy soos 'n leë blik wat net geraas maak. In 1 Kor. 13 vers 3 gaan Paulus verder deur te sê dat al sou jy alles wat jy het weggee en jy is bereid om jou lewe te gee, maar jy het nie ware liefde in jou hart nie, is alles tevergeefs.
Hoe kan jy en ek toets of ons werklik liefhet? Laat die Bybel self ons hierop antwoord in verse 4-7:
*"Om lief te hê, beteken om geduldig en vriendelik te wees. Dit beteken ook om goeie dinge vir ander mense te gun en nie te spog of hoogmoedig te wees nie. 'n Mens wat ander liefhet, is nie onmanierlik nie en dink nie net aan homself nie. Hy word nie gou kwaad nie en hou nie boek van die onreg wat ander mense teen hom doen nie. Oor verkeerde dinge kan hy nooit gelukkig wees nie. Dit is net die waarheid wat hom gelukkig maak. As 'n mens iemand liefhet, kan jy stilbly oor sy foute. Jy kan die beste dinge oor hom glo en die beste van hom verwag en nooit ophou om hom lief te hê nie"*

Het jy jouself hierby getoets?
Van, tussen een tot tien, hoeveel kon jy jouself gee?
Vra die Here om meer en meer liefde uit te stort in jou hart!
(Rom. 5:5)

## Hoe lank nog?

**Deut. 1:2,6** *"Elf dae is die pad van Horeb af na die gebergde Seir tot by Kades-Barnea...Die Here onse God het met ons by Horeb gespreek en gesê:*
*Julle het lank genoeg by hierdie berg gebly."*

Meeste van ons het die idee gekry dat Kanaan baie vêr van Egipte was, daarom het dit Israel veertig jaar geneem om die reis af te lê. Eintlik was dit net 'n reis van elf dae.
Dit het Israel veertig jaar geneem om in die beloofde land uit te kom omdat hulle in sirkels getrek het. Dit was alles weens hul ongehoorsaamheid aan God. Ons kan ook gouer by ons geestelike bestemmings uitkom as ons net sal luister en doen wat die Here vir ons sê.
God het ons 'n lewe van oorwinning en oorvloed beloof. Ons bereik dit nie omdat ons verkeerd dink en verkeerd praat. Soos die 10 spioene sê ons ook: *"Ons kan nie oorwin nie en is soos sprinkane in ons vyand se oë."* Dink en praat reg soos Kaleb wat, selfs op 85 jaar, kans gesien het vir die reuse wat op die berge gewoon het.
In Josua 14:10,11 roep Kaleb uit: *"En nou, kyk die Here het my laat lewe...ek is vandag vyf-en-tagtig jaar oud; ek is vandag nog so sterk soos die dag toe Moses my uitgestuur het; soos my krag toe was, so is my krag nou nog, om te veg en om uit te gaan en in te gaan."*
Hoe lank gaan jy nog wag om verder te beweeg in jou pad vorentoe? Hou op om in sirkels te trek en wees gehoorsaam aan God se stem in jou hart. Die siek man in Joh. 5 het 38 jaar vir iemand gewag om hom te help om in die bad van Bethesda te kom, vir sy genesing. Moenie langer wag vir 'n mens om jou te help nie.

Hoe lank wil jy nog wag vir jou oorwinning?
Skraap al die vrymoedigheid bymekaar, en besluit om te doen wat jy moet doen!

## Belê korrek

**Prediker 11:1,2 en 4** *"Werp jou brood uit op die water, want na verloop van baie dae sal jy dit vind. Gee 'n deel aan sewe, ja, ook aan agt; want jy weet nie watter onheil daar op die aarde sal wees nie...Wie op die wind ag gee, sal nie saai nie; en wie na die wolke kyk, sal nie oes nie"*

Die Boodskap: *"Waag soms 'n kans met 'n belegging. Wie weet, dit verras jou dalk nog eendag. Versprei dit net oor 'n paar plekke, want 'n mens weet nooit watter teëspoed jou nog in hierdie land kan tref nie...Moenie heeltyd die wind dophou en na die wolke opkyk nie, want die reën sal op sy bepaalde tyd kom. Werk liewer voluit voort"*

Om in enigiets te belê is om te verwag dat wat jy gegee, en wat jy ingesit het, meer sal word. Die groot boodskap egter is soos wat die ou mense ons geleer het, naamlik: *"Moenie jou eiers in een mandjie hou nie"* Hoekom nie? Want as jou mandjie val, breek al jou eiers!

In ons dorp het daar, die afgelope twee jaar, meer as 'n honderd besighede toegemaak. Ek bid tans ernstig dat die Here Sy kinders opdrag sal gee om 'n verskil te maak en besighede oop te maak wat nuwe lewe in ons gemeenskap sal bring. Doen dieselfde vir jou dorp en gemeenskap en onthou, dat as gelowiges is ons nie gekoppel aan hierdie wêreldse sisteem nie. Ons lees in die Bybel dat Isak in opdrag van God in 'n tyd van droogte gesaai het en 'n groot oes gekry het. Sy voorspoed het die Filistyne hom laat beny. (Gen. 26:1,12-14)
Ek is oortuig dat die Here Sy kinders in hierdie wêreld geestelik wil seën, ook met finansies.

Die Here wil jou as gesin seën, daarom moet jy reg belê.
Al besit jy nie baie nie, moet jy die Here wysheid vra om wat jy het korrek te gebruik.
Mag Hy jou op 'n besondere wyse seën en vir jou voorsien – meer as wat jy kon dink!

**God sal jou bewaar**

**Psalm 127:1** *"As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk dié wat daaraan bou; as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter"*

Die Boodskap: *"As die Here die huis nie bou nie, bou die bouers 'n bouval wat enige oomblik inmekaar kan stort. As die Here die stad nie oppas nie, help dit net mooi niks dat die polisie die strate patrolleer nie"*

Doen jou bes om na jouself en jou gesin om te sien. Beskerm wat jy kan, na die beste van jou vermoë. Maar besef dat dit alleenlik God is wat jou werklik kan beskerm.
Moet ook nooit ophou om die Here te vertrou in alles wat vir jou dierbaar is, te beskerm nie. Dit was vir my skokkend toe ek in Pretoria 'n kennisgewing naby 'n snelweg moes lees met die volgende waarskuwing vir die motor bestuurders: *"You are responsible for your own safety!"* Dank God, hierdie kennisgewing is nie iets wat Hy gebruik teenoor ons nie. Inteendeel die Here beloof om jou en my te beskerm van alle onheil. Lees Psalm 91 en laat dit vir jou 'n leefwyse wees. Glo dit en wandel daarvolgens. Met God aan jou kant hoef jy niks te vrees nie! (Rom. 8:31)

God is voorwaar ons Bewaarder. Psalm 121:5,7 *"Die Here is jou Bewaarder; die Here is jou skaduwee aan jou regterhand...Die Here sal jou bewaar vir elke onheil; jou siel sal Hy bewaar"* Jou siel is jou emosies, jou denke en jou wil. Dit alles sal die Here bewaar. Hoor hoe word dit gestel in Die Boodskap (v.3,7) *"Jy sal niks oorkom nie. God pas jou op. Hy sal nie aan die slaap raak as Hy jou moet oppas nie. Die Here sal jou oppas waar jy ook al is: by die huis, by die werk of miskien op pad"*

Psalm 34:8 *"Die Engel van die Here trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit"*

Die Here sal jou bewaar in hierdie dag – moenie een oomblik daaraan twyfel nie!

**Staan op en beweeg!**

**2 Konings 7:3** *"En daar was vier melaatse manne by die ingang van die poort; hulle het die een vir die ander gesê: Wat bly ons hier totdat ons sterwe?"*

Samaria was beleër deur Benhadad, die koning van Aram, totdat daar 'n hongersnood gekom het. Die hongersnood was so erg dat twee vroue selfs besluit het om hul kinders te slag en te eet! Die mense in die stad was desperaat. In hierdie tyd was daar vier melaatses wat voor die poorte van die stad gebly het. Saam het hulle besluit om in hul toestand op te staan en na die vyand te gaan vir voedsel, al sou dié hul doodmaak.
Dit is toe dat God 'n wonderwerk laat plaasvind het deur die Arameërs 'n gedruis van waens en perde asook 'n groot leermag laat hoor het. Die Arameërs het met groot vrees hulle kamp verlaat en gevlug. Die vier melaatse manne kon hul oë nie glo toe hulle in die vyand se kamp gekom het nie. Almal was weg en kos was volop!
Net daar sê hulle vir mekaar: *"Ons doen nie reg nie. Hierdie dag is 'n dag van goeie boodskap, en ons bly stil! As ons vertoef tot die môrelig toe, dan sal ons skuldig staan. Kom dan nou, laat ons gaan en dit in die huis van die koning vertel" (vers 9)* Uiteindelik is Samaria gered van hongersnood.

Vier melaatse manne het 'n verskil gemaak deurdat hulle opgestaan het uit hul toestand en in beweging gekom het.
Iemand het eenmaal gesê: *"There is a bigger anointing in going than in staying"*
As gesin ervaar julle 'n geweldige druk rakende julle finansies. Maak soos die vier melaatses deur saam op te staan en in beweging te kom. Die Here is julle beloner! (Heb. 11:6)

Moenie langer bly sit in jou (julle) toestand nie!
Staan op en doen wat die Here in jou hart plaas om te doen.
En wanneer God die oorwinning gee, deel dit met ander!

## Here, open my oë!

**Lukas 24:30,31** *"En toe Hy met hulle aan tafel was, neem Hy die brood en dank; en Hy breek dit en gee dit aan hulle. Toe is hulle oë geopen en hulle het Hom herken, en Hy het uit hulle gesig verdwyn"*

Die twee Émmaüsgangers se oë het oopgegaan, toe Jesus die brood gebreek het, en dadelik het hulle Hom herken.
Laat ons ernstig bid: *"Here, open my oë"*
Ek onthou nog as jong seun hoe ons die volgende liedjie in die kerk gesing het: *"Open my oë Here en toon my nou Jesus; Ek wil Hom aanraak en my liefde meedeel; Open my oor Heer en laat my ook luister; Open my oë Heer en toon my nou Jesus."*

Die lamp van ons liggaam, die oog is. (Matt. 6:22,23)
Jou oog sal bepaal of jy in oorwinning sal lewe en of jou lewe gevul sal wees met donkerheid. Wees dus versigtig wat jy toelaat om via jou oë in jou as mens te kom.

Wanneer jou oog "reg" is, sal jou gedagtes gevul wees met die mooi dinge van die lewe. Wanneer jy jou manier van dink verander, dan verander jy jou wyse van hoe jy glo. Wanneer jy jou manier van glo verander, dan verander jy jou verwagting. Wanneer jy jou manier van verwagting verander, dan verander jy jou gesindheid. Wanneer jy jou gesindheid verander, dan verander jou geaardheid. Wanneer jy jou geaardheid verander, dan verander jou leefwyse.

Die Émmaüsgangers was baie moedeloos, totdat Jesus hul oë geopen het. Daarna het hul harte oorgeloop van vreugde.
Jy sal dieselfde ervaar – alle moedeloosheid sal verdwyn as jou geestelike oë oopgaan!

## Brandhout uit die vuur geruk

**Sagaria 3:1,2** *"Daarna het Hy my Josua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die Engel van die Here staan, en die satan aan Sy regterhand staan om hom aan te klae. Toe sê die Here aan die satan:...Is hierdie een nie 'n brandhout wat uit die vuur geruk is nie?"*

Die verhaal gaan oor Josua, die hoëpriester, wat deur die duiwel aangekla word. As die duiwel selfs 'n dienskneg van God (soos die hoëpriester) kon aankla, sal hy kans sien vir jou en my. Maar God bestraf die satan en stel dit duidelik dat Josua soos 'n stuk brandhout is wat uit die vuur geruk word. Kom ons bid dat God ons dierbares uit hul sondige toestand sal uitruk!
Die Here het jou soos brandhout uit die vuur van sonde geruk – en niemand het die reg om jou aan te kla nie. Nie die duiwel nie; geen mens nie en ook nie jyself nie!

Jy en ek moet ook nie satan help met sy vuilwerk nie. Die Heilige Gees kla nie aan nie, maar oortuig. In Joh. 16:8 lees ons: *"...en as Hy kom (die Heilige Gees) sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel"* God se Gees sal jou oortuig van iets maar die duiwel sal jou aankla.

God vergewe ons sondes en neem dit weg, so ver as die Ooste is van die Weste. (Psalm 103:12)
Dank die Here vir 'n waarheid soos: *"Daar is dan nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie..."* (Rom. 8:1)

Jy is "brandhout wat uit die vuur geruk is" – spreek jouself vry.
Dank God gereeld dat Hy jou gewas het met Sy bloed.
Vermaan Christene om nie hul mede-gelowiges aan te kla nie.

# Wees vervuld

**2 Timotheüs 4:5** *"Maar jy moet in alle opsigte gebalanseerd en nugter wees. Wees gewillig om terwille van die Here te ly. Jou werk is om vir mense die boodskap van redding te bring. Doen alles wat ingesluit is by hierdie werk wat jy vir die Here moet doen"* (Die Lewende Bybel)

Die ou Afrikaanse vertaling gebruik in hierdie teks woorde soos: *"...vervul jou bediening"*
Die kerk is vandag vol van onvervulde Christene. Meer nog, onvervulde mense gaan daagliks na hul werk. Ek maak hierdie stelling want 'n groot persentasie mense wat ek ken is onvervuld in wat hul doen. Is jy 'n vervulde persoon? Doen jy wat jy doen met 'n passie in jou hart?

Paulus het aan Timótheüs baie raad gegee hoe om die gemeente van Efese, as leier, te bestuur. In 2 Tim. 4:2 sê Paulus: *"...verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering"* Hy moedig selfs Timótheüs aan om sy roeping as evangelis uit te leef, maar dan sluit hy af met hierdie woorde: *"...vervul jou bediening"*
Soos wat baie mense daagliks na hul werk gaan en frustreerd is omdat hulle die verkeerde werk doen; net so is Christene frustreerd in die kerk omdat hulle besig is om dinge te doen, terwyl God hulle nie daarvoor geroep het nie. Indien jy frustreerd is in dit wat jy vir die Here doen, moet jy dit dadelik laat los! Dit kan wees dat die Here vir jou iets anders wil gee om te doen.

Luister na wat jou opgewonde maak in jou hart, en doen dit.
Anders sal jy nie 'n vervulde mens kan wees nie.
'n Vervulde mens is 'n gelukkige mens en 'n doelgerigte mens.

# **‘n Sterk verlange na God**

**Psalm 42:2** *"Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God!"*

Die Boodskap: *"Soos 'n bokkie in die woestyn wat dors is vir water, so het ek 'n vurige verlange om by U te wees, God! Net soos 'n bokkie sonder water doodgaan, gaan ek dood as ek nie by U is nie."*

Dit word vertel dat ‘n bokkie in die woestyn presies weet waar om water te kry. Hy sal angstig rondhardloop tot by ‘n plek waar hy weet water is. Met sy voorpootjies sal hy krap in die sand totdat hy by die water uitkom om sy dors te les. Leer van die bokkie en moenie moed opgee voordat jou siele-dors geles is nie!

Die Here wil aan jou "lewende water" gee om te drink. Vir die vrou by die put het Jesus gesê: *"...elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe."* (Joh. 4:14) En in Joh. 7:37,38 sê Jesus: *"As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei."*

Al hierdie is beskikbaar, maar die vraag is, hoe dors is jy daarvoor? Jou dors sal bepaal of jy by God se lewende water sal uitkom. Ons geestelike dors word bepaal deur drie dinge, naamlik: My lus om die Bybel te lees; my drang om te bid en my entoesiasme wanneer ek God aanbid.

Beskrywe ons teks hoe jy in jou binneste voel?
Soos die bokkie in die woestyn, hang dit van jou af of jy by die water wil uitkom.
As jy tot God nader, sal Hy tot jou nader. (Jak. 4:8)

**Aanhouer wen!**

**1 Korinthiërs 9:27** *"Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie."*

Die Boodskap: *"Ek doen wat nodig is, al vra dit wat ook al van my. Dan vertel ek nie vir ander wat om te doen, maar sak self in die wedloop van die lewe uit nie."*

New King James: *"But I discipline my body and bring it into subjection, lest when I have preached to others, I myself should become disqualified."*

Ons hoor dikwels oor die nuus hoe 'n geestelike leier in sonde geval het; of 'n Christen politici wat bedrog gepleeg het en 'n "gospel" sanger wat die pad byster geraak het. Hierdie berigte skok ons gewoonlik. Ja, net een verkeerde daad kan van 'n jarelange toegewyde man, pa of oupa, oornag 'n verwerplike persoon maak. Besluit om sterk te eindig!

Paulus het op 'n plek gekom waar hy introspeksie gedoen het (homself ondersoek het) Wat hy toe doen is om die lewe te vergelyk met 'n atleet wat alles insit om te wen. Net daar het hy besluit dat terwyl hy vir ander gepreek het en aan hulle die weg van die lewe voorgehou het, hy sy beste wil gee om die geestelike resies te wen.
Iemand wat konsekwent is en vashou aan beginsels, sal uiteindelik 'n wenner wees. In die Engelse woordeboek word die woord "Consistent" soos volg beskryf: *"Someone who is consistent always behaves in the same way, has the same attitudes towards people or things, or achieves the same level of success in something."* Wees 'n "Aanhouer wenner"

Onthou dat hulle wat volhard tot die einde toe sal gered word.
Jy het goed gedoen tot hiertoe – moenie nou iets doen wat alles uitkanseleer nie!
Hy wat jou tot hiertoe gehelp het, se genade is nog genoeg.

**Dank God vir seëninge!**

**Deut. 28:2** *"En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die Here jou God."*
Die Boodskap: *"Jy sal baie voorspoedig wees in alles wat jy aanpak. Jy sal ryk word omdat die Here jou ryk maak. Hy sal dinge vir jou doen."*

Die Griekse woord vir "Seën" is "makarios" en dit beteken om "uitermate gelukkig" te wees. Deut. 28:1-14 is vol wonderlike seëninge. Jy sal geseënd wees in die stad en selfs al bly jy op die platteland. Jy sal geseënd wees met kinders en jou oeste sal volop wees. Jy sal geseënd wees met wat jy bak en kook. (Onthou dit as jy 'n koek of tert bak!) Die Lewende Bybel sê:
*"en die skottels waarin julle brood knie sal vol meel bly"*
Jou vyande, wat jou wil aanval, sal so verward raak dat hulle in alle rigtings sal padgee. God sal jou seën in alles waar jy jou hand aanslaan. Die hemel sal altyd vir jou oop wees. By dit alles sal jy eerste wees en nie laaste nie.
Wat so wonderlik is dat hierdie beloftes van seëninge nie net bedoel was vir Israel nie, maar ook vir jou en my. Ons lees in Gal. 3:29 *"En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename"* Al die seën wat God belowe het vir Israel word ook ons s'n. Die voorwaarde vir die Here se seëninge is dat ons na Hom moet luister en doen wat Hy sê.

Ek het gehou van 'n brief wat ek onlangs van 'n Amerikaanse pastoor ontvang het. Hy het sy brief afgesluit met: *"I call you blessed"* Opnuut het ek besef, ek is geseënd!
Volgens Ef. 1:3 is *"ons geseën met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus"* Glo dit en leef daarvolgens!

As 'n geseënde moet jy seën oor jouself asook ander uitspreek.
Moenie negatiewe woorde uit jou mond laat kom nie.
Indien dit wel onverwags uitkom, bely dit dadelik, en loof God vir al Sy seëninge.

**"Here, red my!"**

**Mattheüs 14:30** *"Maar toe hy (Petrus) die sterk wind sien, het hy bang geword; en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my!"*

Hierdie verhaal speel homself af op die see van Galilea. Dit is ʽn kalm binnelandse see wat baie skielik geweldig stormagtig kan word. Volgens vers 22 het Jesus hulle gedwing om met ʽn skuit oor te vaar na die anderkant. Daar is kere dat die Here ons lei, maar daar is tye dat Hy ons dwing.

Hier, in die middel van die see, het die dissipels gevind dat die winde teen hulle gedraai het. Miskien is jy tans in dieselfde omstandighede? Winde van finansiële stryd asook siekte dreig om jou, asook jou gesin, onder te kry? Kan ek jou moed inpraat? Die ou gesegde is waar: Dit is wanneer die nag op sy donkerste is dat die daglig naby is. Onthou dat dit baie keer die laaste sleutel in die bos is wat die deur oopsluit! Die Here gaan vir jou deure oopmaak.
Hoekom het Petrus daardie dag gesink? Omdat hy vrees in sy hart toegelaat het. Lees asb weer Job 3:25 met aandag, naamlik: *"As ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my; en die ding waarvoor ek bang is, kom na my toe."* God het jou nie ʽn gees van vrees gegee nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing. (2 Tim. 1:7) Vrees gaan jou straf en duur laat betaal. Moet dit nie toelaat nie!
Petrus se gebed het my getref, want dit was kort (anders het hy water gesluk) Sy gebed het diep uit sy hart gekom omdat hy besef het dat hy gaan verdrink. Enige gebed van diep uit jou hart sal God nie verag nie, maar hoor. Hou aan bid, dit is die sleutel tot jou oorwinning.

Wat ookal jou omstandighede is, erken dat God mag het om jou te help, en roep uit:
*"Here, red my!"* Hy sal jou hoor en Hy sal jou uitred!

**Hoe duidelik is God se pad?**

**Hebreërs 11:8** *"Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom."* Die Boodskap: *"God het vir Abraham gesê dat hy sy goed moet vat en na 'n ver plek moet trek wat God dan vir hom as 'n rusplek sou gee. Abraham het glad nie geweet waar dit was nie, maar het gehoorsaam sy goed gevat en gegaan. (vers 9) En die rede: hy het God heeltemal vertrou."*

Op hierdie stadium in Abraham se lewe was hy 75 jaar oud, toe God hom geroep het om Haran (wat vandag Irak is) te verlaat. (Gen. 12:1-4) Om te dink dat hy weggetrek het, sonder om te weet waar hy sou kom! Sal jy daarmee tevrede wees in jou hart? Ons is so geneig om alles te wil weet.

Ek het altyd gedink dat as jy die Here dien is jou pad vorentoe duidelik uitgespel, en dat alles seepglad sou verloop.
Deur die jare het ek uitgevind dat daar dae was dat die Here my 'n opdrag gegee het sonder om alle detail te verduidelik. Tog was daar 'n drang in my om op my onsekere pad voort te beweeg. Ken jy ook dit? Die hoofrede hiervoor is, omdat ons deur geloof wandel en nie deur dit wat ons sien nie. 2 Kor. 5:7 stel dit soos volg: *"Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie (nie wat ons sien nie)"*
Ons weet dat Israel bedags deur 'n wolkkolom en snags deur 'n vuurkolom gelei was deur die woestyn, op pad na hul beloofde land. Tog was die pad vorentoe nie altyd vir hulle duidelik nie. Want baie keer was hulle skielik oorval deur die vyand wat hulle ingewag het aan die anderkant van die sandduine.

Ek weet nie hoe die Here tans met jou praat nie?
Ek weet ook nie hoe lyk die pad wat jy tans moet loop nie?
Al wat ek weet is dat jy gehoorsaam aan God moet wees en Hom heeltemal moet vertrou!

# Wees 'n helper

**1 Korinthiërs 12:28** *"En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, **helpers**, regeringe, allerhande tale"*

Die Here het oral in gemeentes mense aangestel om sekere bedieninge te doen. Dit kan wees om te preek; dit kan wees om deur God gebruik te word in verskillende genadegawes en selfs in "regeringe" of dan om administratiewe werk te doen. Maar wat van die bediening as **"helpers"?**
Om helper te wees was Jesus se sterkste bediening. Alhoewel Hy al die bedieninge, soos wat ons dit vind in Ef. 4:11 besit het, naamlik: Apostel; Profeet; Evangelis; Herder en Leraar. Tog was Jesus se hoof bediening om mense te help. Hy het eenmaal gesê: *"En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle **dienskneg** wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te **dien**..."* (Matt. 20:27,28) Wat 'n wonderlike voorbeeld! Dieselfde lees ons van die Heilige Gees.
Jesus sê in Joh. 14:16: *"Ek sal met die Vader praat. Hy sal vir julle 'n spesiale **Helper** stuur. Hierdie **Helper** ken net een pad en dit is die pad van die waarheid."* (Die Boodskap) Dank God vir die Heilige Gees! Hy help ons bid (Rom. 8:26) Hy help ons om die waarheid te ken (Joh. 15:16,17 en 25,26)
Dan lees ons in 1 Pet. 4:11: *"...as iemand **dien**, laat dit wees soos uit die krag wat God verleen, sodat God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus..."*

Ek wil jou aanmoedig om nie soseer die "groot" bedieninge na te jaag nie, maar besluit om net daar te wees om mense te help waar hulle dit nodig het.
Wat jy ookal vir die Here wil doen, wees asb. 'n helper!

## Jou verraaier ken ook dié plek

**Johannes 18:2** *"En Judas, Sy verraaier, het ook die plek geken, omdat Jesus daar dikwels met Sy dissipels saamgekom het"*

Die plek waarna hier verwys word is Getsémané, waar Jesus dikwels gaan bid het. Dit is net buite Jerusalem teen die hange van die Olyfberg. Judas, Jesus se verraaier, het ook geweet van hierdie plek. Pasop! Jou teëstander, die duiwel, ken ook die plek waar jy met die Here ontmoet in gebed!
Jesus het in Getsémané oorwin. Treffend: In die eerste tuin (Eeden) het die eerste Adam geval; in die tweede tuin (Getsémané) het die tweede Adam (Jesus) oorwin.
Die duiwel het Job voor God aangekla. Hy het in Sag. 3 vir Josua die hoëpriester aangekla omdat sy klere nie skoon was nie. As jou geestelike klere ook nie skoon is nie, sal hy jou ook aankla. Maar nog iets wat hy goed kan doen is om jou weg te hou van gebed. Hy ken jou plek en tyd van gebed en hy sal alles doen om jou daarvan weg te hou. Moet hom nie toelaat nie! Los belangrike dinge om die mees belangrikste na te kom, en dit is om te bid! Niks moet jou keer om dit te doen nie.

Die eerste kerk in Handelinge het geweet wat dit was om "aanhoudend" te bid. Ons lees in Hand. 12:5 *"So is Petrus dan in die gevangenis bewaak; maar daar het 'n aanhoudende gebed tot God deur die gemeente vir hom opgegaan"* Vroeër was een van die liedjies wat ons in die kerk met oorgawe gesing het: *"Bid maar deur tot jy die antwoord kry. God se beloftes staan onfeilbaar vas, bid maar deur jy sal die antwoord kry"* Bid deur (hou aan bid) totdat jy jou antwoord kry!

Daar is dringende dinge waarvoor jy moet bid – wees getrou om dit te doen.

*"Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag" (Pred. 9:10)*

Jy sal 'n keuse moet maak om te bid – maak dit 'n prioriteit!

# God se Woord

**Psalm 119:105** *"U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig op my pad"*

The Living Bible: *"Your words are a flashlight to light the path ahead of me, and keep me from stumbling"*

Ons leef in 'n wêreld wat in baie opsigte "donker" is. Donker vanweë die baie korrupsie, misdaad en leuens. Daar is ook baie onsekerhede in hierdie lewe. Die Bybel is vir ons 'n lig op ons pad, sodat ons nie sal struikel nie. God se Woord wys ons waar gevare is, maar dank God, ook hoe om suksesvol te wees! Studeer Sy Woord sodat jy duidelik jou pad in die lewe sal vind. Jeremia 15:16 *"Toe U woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en U woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart"*

Iemand het eenmaal die Bybel soos volg opgesom: *"Die BYBEL bevat die wil van God, die toestand van die mens, die weg van saligheid, die oordeel oor sondaars, en die geluk van die gelowiges. Sy leerstellings is heilig, sy bevele bindend, sy geskiedenis waar en sy uitsprake onveranderlik. Lees dit om verstandig te wees, en beoefen dit om heilig te wees. Dit bevat lig om jou te lei, voedsel om jou te versterk, en troos om jou te bemoedig. Dit is die reisiger se landkaart, die pelgrim se staf, die loods se kompas, die soldaat se swaard. Christus is die grootste onderwerp daarvan, ons welsyn die opset, en die eer van God die doel daarvan. Dit moet die geheue vul, die hart regeer, en die voete rig. Lees dit stadig, dikwels, en biddend. Dit is 'n myn van rykdom, 'n paradys van heerlikheid, en 'n rivier van genot. Dit bring verantwoordelikheid mee, maar sal toegewyde arbeid beloon, en sal almal veroordeel wat met die heilige inhoud daarvan speel."*

Wees opnuut lief vir jou Bybel en lees dit daagliks, met aandag.
Bybellees is die beste metode van Bybelstudie.
Lees dit totdat dit met jou persoonlik praat.

## **"Here, U het my oorgehaal"**

**Jeremia 20:7** *"Here, U het my oorgehaal, en ek het my laat oorhaal; U was te sterk vir my en het oorwin..."*

Jeremia was in die gevangenis en in blokke gesit omdat hy die waarheid geprofeteer het. Pashur, die seun van die priester, was 'n valse profeet. Nadat hy Jeremia geslaan het, was hy die een wat Jeremia laat toesluit het. Toe Jeremia weer vrygelaat is, was daar net een boodskap wat uit sy mond gekom het: *"Here, U het my oorgehaal, en ek het my laat oorhaal..."*

Ek het ook daaraan gedink dat ons baie keer mense wil oorhaal om sekere dinge te glo en te doen. Dit is nie ons werk om dit te doen nie, maar die Here se werk. Preek die evangelie, maar laat dit aan die Here oor om mense te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. (Joh. 16:8) Vertel mense van die Here omdat God jou dwing om dit te doen. Paulus roep uit in 1 Kor. 9:16: *"Want as ek die evangelie verkondig, is dit vir my geen roem nie; want die dwang is my opgelê, en weë my as ek die evangelie nie verkondig nie!"* Job antwoord hierop met woorde soos: *"...die gees in my binneste dring my"* (Job. 31:18)
Dat God te sterk is vir ons en altyd sal oorwin word duidelik waar Jakob met die Engel van die Here geworstel (gestoei) het in Gen. 32:24-28. Moenie stoei en veg nie, maar gee oor, want die Here is te sterk en Hy wil jou oorhaal om Sy wil te doen. Jeremia wou op 'n stadium stil bly oor die Here, maar dan skryf hy in Jer. 20:9 *"En as ek sê: Ek sal aan Hom nie dink nie en in Sy Naam nie meer spreek nie, dan word dit in my hart soos 'n brandende vuur, opgesluit in my gebeente."*

Het die Here jou oorgehaal om met iets te breek in jou lewe?
Het die Here jou oorgehaal om met iemand reg te maak?
Het die Here jou oorgehaal om vir iemand iets te gee?
Het die Here jou oorgehaal om Sy Woord te verkondig?

## Pinkstertyd

**Handelinge 2:1** *"En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar"*

Regoor die wêreld is "Pinkstertyd" 'n spesiale tyd dat mense saamkom om die Here met erns te soek. Dit het alles begin in Jerusalem toe God die Heilige Gees uitgestort het oor Sy dissipels in 'n plek wat vandag bekendstaan as "die bo-vertrek" Ons lees daarvan in Hand. 2. Dit is op daardie dag dat daar iets spesiaal gebeur het met die dissipels. In verse 3,4 lees ons: *"Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit het. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek"* Sedert daardie dag, speel die Heilige Gees 'n geweldige rol wêreldwyd. Honderde miljoene mense het reeds dieselfde ondervinding gehad dat die Heilige Gees hulle vervul het met Sy krag. Petrus wat Jesus verloën het deur te sê dat hy Hom nie ken nie, het met vuur die evangelie aan die skare gebring het. Die mense het saamgedrom omdat hulle klanke gehoor het wat hulle nie verstaan nie (vers 6)

As daar ooit 'n tyd was dat jy en ek God se Gees nodig gehad het, dan is dit in hierdie tyd wat ons leef. Dit is die Heilige Gees wat jou sal help om te bid (Rom. 8:26) Dit is die Heilige Gees wat jou in die hele waarheid sal lei (Joh. 16:13)
Met die baie verkeerde leringe wat aan die orde van die dag is, is dit nodig dat ons Sy Gees in ons sal hê om ons te lei. As jy die Gees het, dan vertaal "The Living Bible" 1 Joh. 2:27 met woorde soos: *"You don't need anybody to teach you what is right"*

God het "Pinkster" in jou hart gegee, deur Sy Gees
Die rede dat Hy jou mond aangeraak het, is om te gaan vertel van Sy wonders – moenie stilbly nie!

## Ons het 'n nuwe lied

**Psalm 40:4** *"En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse God. Baie sal dit sien en op die Here vertrou"*

Die Lewende Bybel: *"Hy het my 'n nuwe lied gegee om te sing, 'n lied om ons God te eer. Mag daar baie wees wat sien wat Hy vir my gedoen het en Hom dan ook aanbid en op Hom vertrou"*

Ons lof teenoor die Here moet vir mense so opbouend wees dat hulle geestelike oë dit kan sien. Verder moet dit hulle inspireer om God te aanbid en Hom ook te vertrou.
Iets besonders het met Dawid gebeur. Ons lees daarvan in vers 3 waar hy uitroep: *"Hy het my uit die kuil van vernietiging, uit die modderige slyk opgetrek en my voete op 'n rots gestel; Hy het my gange vasgemaak"* Sonde is soos modderige slyk. Dit bied geen vastigheid vir jou voete nie.
Omdat die Here jou uit die kuil van sonde gered het, behoort jy te kan sing: *"He lifted me up from a deep miry clay. He planted my feet on the Kings highway. And this is the reason I sing and I shout, for Jesus came down and He lifted me up"* Jou lied in jou hart moet nooit sterf nie!

Die oorwinningslied van Israel was iets wonderliks toe hulle deur die Rooi see gegaan het (Ex. 15) Die lied wat Moses aan God gesing het voor sy dood moes iets treffends gewees het. (Deut. 32) Moses se lied was so uitstaande dat die verlostes dit eenmaal weer in die hemel gaan sing. (Open. 15:3) Lees ook die lied van Debora in Rig. 5 nadat God vir Israel oorwinning oor Sisera gegee het.
Dank God vir die "nuwe Lied" wat die Here in jou hart gegee het toe Hy jou, deur Jesus se bloed, uit sonde bevry het.

Die vraag is: Het die lied in jou hart stil geraak?
Open jou mond dat God dit kan vul met 'n nuwe lied!
Die lied in jou hart sal baie moed gee om God te aanbid en Hom te vertrou.

## Klokkies en granaatjies

**Exodus 28:33-35** *"En maak aan die soom daarvan (van die hoëpriester) granaatjies...en daar tussenin goue klokkies rondom...'n goue klokkie en 'n granaatjie...aan die soom van die mantel rondom. En Aäron moet dit aanhê om te kan dien, sodat die geluid daarvan gehoor word as hy in die heiligdom ingaan...dat hy nie sterwe nie"*

Lees self die hele hoofstuk van Exodus 28. Ek moes dié Skrifgedeelte verkort vir vandag se woord. In die Ou Testament het die hoëpriester eenkeer per jaar agter die voorhangsel ingegaan om vir Israel se sondes versoening te doen. Hierdie dag was genoem "Die Versoeningsdag"
Sy pragtige kleed het aan die soom gehad: "granaatjies en goue klokkies" Vir ons stel die "granaatjies" die vrug van die Gees voor (Gal. 5:22) en die "goue klokkies" die gawes van die Gees. (Lees gerus self daarvan in 1 Kor. 12:8-11) Die geluid wat die klokkies gemaak het, terwyl die hoëpriester gedurig beweeg het, was vir die volk 'n aanduiding dat die hy nog leef. Die klokkies se geluid het hoop geskep by die volk.
Gemeentes waar die gawes van die Gees nie meer "hoorbaar" is nie, spreek tot ons van 'n geestelike dood wat ingetree het. Kom jy en ek besluit om die gawes aan te wakker wat in ons is. In 2 Tim. 1:6 moedig Paulus vir Timótheüs soos volg aan: *"Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die genadegawes van God aan te wakker wat in jou is..."* Die meeste dinge wat ons soek is eintlik in ons en moet net aangewakker word!

Hoe kan jy God se gawe aanwakker in jou lewe?
Jy moet ten eerste ernstig bid oor die gawe wat in jou is.
Vermeerder ook jou kennis oor daardie gawe.
Baie belangrik! Stel jouself beskikbaar dat God jou kan gebruik.
As jy vir siekes moet bid, soek mense vir wie jy kan bid.

# Hou jouself doof

**1 Samuel 10:26,27** *"En Saul het ook na sy huis gegaan in Gibea; en die helde wie se hart God geroer het, het met hom saamgegaan. Maar die deugniete het gesê;*
*Hoe kan hierdie man ons verlos? En hulle het hom verag en hom geen geskenk gebring nie; maar hy het hom doof gehou"*

Hierdie gedeelte is waar Saul as die eerste koning van israel afgesonder was. Die helde van Israel het hom aanvaar maar die "deugniete" (ander vertalings sê: skurke; kwaadwilliges en niksnutte) het hom verag en lelike aanmerkings teenoor hom gemaak. Maar die Bybel vertel ons dat Saul homself doof gehou het. Wat beteken dit om jou "doof" te hou? Dit beteken jy hoor maar jy luister nie!

Hou jouself "doof" as mense van ons kwaad praat. 1 Pet. 4:16 *"Maar wanneer iemand as 'n Christen ly, moet hy hom nie skaam nie, maar God verheerlik in hierdie opsig"*
Paul Kruger ('n President van ons land) het eenkeer 'n jongman gehad wat vir hom gesê het: *"Het u gehoor wat sê die mense van u?"* Sy antwoord was: *"Jongman, voordat jy my vertel, vertel my wat sê die mense van jou?"* Die jongman het geantwoord *"niks nie"* Daarop het Oom Paul as volg gereageer: *"Maar jongman, dit is omdat jy nog nie iemand besonders is nie, dat mense nie van jou praat nie"* Ja, mense sal net van jou praat as jy iets besonders is.
Saul kon homself "doof" hou omdat hy so pas gesalf was as koning. Maar nog 'n rede waarom Saul hom doof kon hou was omdat God sy hart verander het. (1 Sam. 10:9)
Kan jy getuig dat die Here waarlik jou hart verander het en jou "gesalf" het met Sy Gees? (Psalm 92:11,12)

Jy sal jouself net doof kan hou as jy binne verander het.
Dan moet jou "eie-ek" nie meer leef nie.
Gal. 2:20 *"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus in my"*

## Wees nie bevrees nie

**Jesaja 41:10** *"Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand"*

Het jy geweet dat vrees maak meer mense dood as siektes? Job skryf in Job. 3:25 *"As ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my; en die ding waarvoor ek bang is, kom na my toe"*

Daar is 'n legende wat vertel dat 'n man eenmaal gereis het na 'n stad, toe hy 'n vrou langs die pad opgelaai het. Dadelik het vrees hom oorweldig. Hy vra haar toe wat haar naam was, waarop sy geantwoord het: "My naam is cholera" (dit is 'n gevreesde en dodelike maagsiekte) Dadelik het hy haar beveel om af te klim en verder te loop. Maar sy het beloof om net vyf mense in die stad dood te maak. In daardie stad het daar egter duisende gesterf aan cholera. Met erns het hy haar opgesoek totdat hy haar gekry het, en was woedend. Sy het haarself verdedig deur te sê dat cholera net vyf mense doodgemaak het soos sy beloof het. Die res het van vrees gesterf!

Daar is hulle wat vrees dat hulle 'n sekere siekte sal kry. Talle vrees dat die siekte wat hul nou het hul dood sal veroorsaak. As jy en ek kan aanvaar dat ons 'n God het wat alles kan doen, hoef ons niks te vrees nie. Dank God, Sy liefde dryf alle vrees buite. (1 Joh. 4:18) God het ons nie 'n gees van vrees gegee nie, maar van liefde, krag en selfbeheersing (2 Tim. 1:7)

Dink terug aan die dinge wat jy al die afgelope tien jaar vrees. Jy sal besef dit het nie gebeur nie – waarom vrees jy dan? Glo die Bybel: Jesaja 54:17 *"Elke wapen wat teen jou gesmee (beplan) word, sal niks uitrig nie..."*

**Wat bedink jy?**

**Kolossense 3:1,2** *"As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie"*

Die Boodskap: *"Onthou dit altyd: toe julle Christene geword het, het julle saam met Christus 'n nuwe lewe gekry...Bestee liewer al jul tyd aan dinge wat vir Jesus belangrik is. Dink daaroor na, praat daaroor en doen dit!"*

Om iets te "bedink" meen jy fokus daarop met al jou gedagtes. En soos 'n mens dink, so is hy! Sê my wat jy dink dan sal ek weet wie en wat jy is. Ons mag aardse dinge bedink, solank dit ons net nie geestelik negatief beinvloed nie.
Vul jou gedagtes met mooi dinge, want in Rom. 8:6 lees ons: *"Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede"* Die Boodskap: *"Mense wie se denke en dade in die greep van die sonde vasgevang is, leef in die dood. Maar mense wie se denke en dade in die greep van die Heilige Gees vasgevang is, ken ware lewe en vrede"*
As ons "die dinge daarbo" bedink dan het ons vrymoedigheid teenoor God. In 1 Joh. 3:21 lees ons: *"Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God..."* Skuldige gedagtes sal jou beroof van vrymoedigheid teenoor die Here, asook teenoor mense.
Een van die redes waarom mense wegbly van kerkdienste is 'n skuldige gewete, want 'n skuldige gewete hinder jou om God te aanbid en hou jou weg van jou mede-gelowiges. Werk sterk aan wat jy bedink. Vul jou denke met die Woord en met die mooi dinge van die lewe.

*"Verder, ...alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is,*
*alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit"*
(Filippense 4:8)

# In Hom

**Efesiërs 1:7** *"In Hom het ons die verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van Sy genade"*
The Amplified Bible: *"In Him we have redemption (deliverance and salvation) through His blood, the remission (forgiveness) of our offenses (shortcomings and trespasses) in accordance with the riches and the generosity of His gracious favor"*

In Hom is jy as kind van God 'n geseënde: *"Geseënd is die God...wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus"* (vers 3) Weier dus enige vloek en aanslag teen jou! God het jou ook uitverkies om heilig en skoon te leef. (vers 4) Om uitverkies te wees meen jy is vir God baie spesiaal. Aanvaar jouself soos jy is. Die kleur van jou hare en jou neus. En vers 7 sê: *"In Hom het ons die verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van Sy genade"*
In Hom het jy 'n erfdeel ontvang (vers 11) Om te erf meen om te ontvang waarvoor jy nie gewerk het nie. Wat so wonderlik is van ons erfenis is dat ons nie hoef te wag tot eendag in die hemel nie, maar dat ons reeds hier op aarde daarvan gebruik kan maak. Glo vir wat jy nodig het – Sy skatkamers loop oor! Bo-op alles, is jy verseël met die Heilige Gees (verse 13,14) Soos met 'n belangrike dokument wat 'n seël ontvang het is jy verseël met God se Gees om die ooreenkoms tussen jou en God te beskerm en te bekragtig. "The Amplified" Bybel stel dit vir my so pragtig: *"In Him you... were stamped with the seal of the long-promised Holy Spirit. That (Spirit) is the **guarantee of our inheritance** – the first fruit, the pledge and foretaste, the **down payment** on our heritage..."* Die Heilige Gees is 'n deposito van dit wat nog kom. Die beste lê nog voor!

Moenie jou seëninge verloor deur nie in die Here te bly nie. Jy sal "in Hom" bly as jy in Sy Woord bly en doen wat Hy sê. Herbevestig gereeld wat en wie jy is in Hom – dit gaan jou sterk maak!

# Word soos ‛n kind

**Matthéüs 18:2,3** *"Toe roep Jesus ‛n kindjie na Hom en laat hom in hulle midde staan en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!"*

Hierdie week (27 Mei tot 2 Junie) is "Die Nasionale Kinder Beskermings Week" waar gefokus word op die beskerming asook die regte van kinders in Suid Afrika.
Ons dank die Here vir ons kinders. ‛n Volk asook ‛n gemeente sonder kinders het geen toekoms nie. Waar ‛n Kerk aandag gee aan sy kinders is die ondervinding dat hulle vorentoe beweeg.
Volgens statistiek vind die meeste bekerings plaas tussen die ouderdom van ses en sestien. Besluit dus om meer aandag te gee aan jou kind(ers) se geestelike welvaart en opvoeding.
Jesus het gesê dat ons soos ‛n kind moet word omdat ‛n kind sekere eienskappe het wat ons sal help na geestelike groei.
Die heel eerste eienskap is dat ‛n kind maklik glo. Soveel so dat hy/sy selfs ‛n leuen van die ouer sal glo, en ook ‛n antwoord van "Jy sal weet as jy eers eendag groot is"
‛n Tweede eienskap is dat ‛n kind se hart sag is. Daarom huil die kind maklik as die troetediertjie doodgaan of as die hondjie omgery word. Moet asb. nooit ‛n hardheid in jou hart toelaat nie. Psalm 51:19 *"Die offers van God is ‛n gebroke gees"*
‛n Kind vergewe en vergeet maklik. Ek het gesien hoe kinders met mekaar rusie maak en selfs baklei, om net die volgende oomblik hand om die nek te loop en gesels. Ongelukkig het hul ouers vir weke, en selfs maande, vir mekaar kwaad gebly!
‛n Kind is merkwaardig vir hul blydskap. Kinders kan hulle soms so verbly dat hulle heeltemal hande uitruk. Wanneer laas het jy uitbundig gelag? Kan jy jouself nog verbly in die Here?

Jesus het nooit gesê dat ons moet kinderagtig word nie. Word soos ‛n kind wat opreg kan glo – en met ‛n sagte hart. Wees ‛n kind wat kan vergewe en kan vergeet – miskien moet jy dit sommer nou doen?

# Ons wandel deur geloof

**2 Korinthiërs 5:7** *"Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie"*

The Amplified Bible: *"**For we walk by faith** [that is, we regulate our lives and conduct ourselves by our convictions or belief respecting man's relationship to God and divine things, with trust and holy fervor; thus we walk] **not by sight or appearance**"*

Volgens hierdie Engelse vertaling kan ons wel ons lewens reguleer om doelgerig vir God te leef, juis omdat ons nie wandel deur dit wat ons sien nie, maar dit wat ons glo.
Paulus praat in hierdie Skrifgedeelte van ons "aardse tentwoning" wat verwys na ons liggaam. (Lees die vorige ses verse) As die tentwoning afgebreek word (m.a.w. wanneer ons sterwe) dan het ons 'n huis ('n woonplek) in die hemel wat nie afgebreek sal word nie. Hierdie "woning" verwys na 'n nuwe liggaam wat vir ons wag in die hemel. Wonderlik, 'n liggaam wat nooit siek sal kan word nie en dus nooit sal kan sterf nie!
Ek wil jou aanmoedig om nie jou geloof in God te verloor nie. Indien jy jou "geloofskild" laat sak het (Ef. 6:16) tel dit weer op en vertrou die Here in selfs die kleinste sake.
Sal jy my kan glo as ek jou vertel oor hoe kinderlik ek was in my geloof teenoor die Here, toe my motor se "bearings" vasgebrand het? Ek was 'n jeugleraar met min geld maar het God geglo vir 'n wonderwerk. Dit was nie vir my iets snaaks om my hande op my Morris Minor motor te plaas nie (hier op die "dashboard") en te bid dat God die enjin sal herstel nie. Ek het ook gevra dat my motortjie nooit 'n papwiel sal kry nie. Daarna het ek die motor aangeskakel en gery. O ja, en totdat ek daardie motor verkoop het, het ek nooit 'n papwiel gehad nie.

Watter voorreg om 'n gelowige genoem te kan word.
Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag (Heb. 11:6)
Tel weer jou geloofskild op en vertrou die Here vir alles!

# God laat groei

**1 Korinthiërs 3:6,7** *"Ek het geplant, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei. So is dan hy wat plant of hy wat natmaak, niks nie, maar God wat laat groei"*

Dit is duidelik dat daar bekommernis was in Paulus se hart omdat die gelowiges in Korinthiërs nie gegroei het nie.
Ek is ook bekommerd dat God se mense nie groei nie!
Stem jy saam dat elke kind van God behoort geestelik te kan groei? Dan kom die vraag: Van een tot tien...is jy tevrede met jou geestelike groei?
Alles wat God geskape het behoort te groei. As 'n egpaar 'n kind het wat nie groei nie, neem hulle hom na 'n dokter om vas te stel waarom daar nie groei plaasvind nie. Moet nooit tevrede wees as daar nie by jou of jou gemeente groei plaasvind nie. God se woord is soos saad, maar saad beteken nie veel as dit net in 'n sak gehou word nie. Saad moet geplant word in die grond om te kan groei. Jou Bybel is 'n "saadsak" Die saad wat daarin is moet in jou hart kom (asook in ander mense s'n) sodat dit kan groei. Jou bydrae is dat jy moet sorg dat alle "klippe" en "dorings" verwyder word uit jou hart (asook uit die gemeente) sodat God se woord geleentheid gegee word om te groei en ons vrugbaar te maak. Lees weer die gelykenis in Lukas 8:11-15, dan sal jy sien dat Jesus gesê het: *"Die saad is die woord van God"* Jy sal ook sien dat klippe; dorings asook harde grond die woord van die Here verhinder om te kan groei en dus onvrugbaarheid veroorsaak .
Een van die hoofredes waarom baie nuwe bekeerlinge nie geestelik groei nie, is omdat die woord "geplant" was in hul harte, maar niemand het dit verder versorg nie.

Die klag teen Israel se herders, is 'n waarskuwing (Eség. 34:4) *"Julle versterk die **swakkes** nie, en maak die **siekes** nie gesond nie, en die wat **gewond** is, verbind julle nie, en wat **weggedryf** is, bring julle nie terug nie, en wat **verlore** is, soek julle nie"*

# God se beloftes sal waar word

**Númeri 23:19** *"God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?"*
Die Lewende Bybel: *"God is nie 'n mens nie, en daarom lieg Hy nie. Hy kry nie spyt soos 'n mens nie. Het Hy al ooit iets belowe en dit dan nie gedoen nie, of iets gesê en dit dan nie klaargemaak nie?"*

Dié gedeelte gaan oor waar Balak vir Bileam gehuur het om Israel te vervloek. Bileam kon dit nie doen nie want God het Israel reeds geseën. As geseënde van die Here kan jy nie vervloek word nie. Dank die Here vir Sy beloftes en Sy seën. Een ding weet ek en dit is dat God nooit halwe werk doen nie. As Hy 'n werk begin het sal Hy dit voltooi.
2 Kor. 1:20 *"Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons"*
Moontlik is jy een van daardie persone wat oral in jou Bybel notas gemaak het, en ook datums neergeskryf het? Persoonlik doen ek en my vrou dieselfde. Daar is datums van beloftes en daar is profesieë wat jy aangeteken het. Nou verstaan jy nie hoekom gebeur dit nie soos wat jy dit ontvang het nie? Herinner God ernstig aan Sy beloftes soos wat ons dit lees in Jes. 62:6: *"O julle wat die Here herinner aan Sy beloftes – moenie rus nie en laat Hom nie met rus nie..."*
Jesus het die gelykenis vertel van die weduwee wat aanhou vra het, totdat sy van die onregverdige regter ontvang het. Dit was om ons daarop te wys dat Hy wat die regverdige Regter is ons sal help, indien ons ernstig tot Hom roep.(Lukas 18:1-8)

God het jou 'n belofte gegee van genesing – hou vas daaraan. Hy het jou 'n deurbraak belowe in jou finansies – gryp dit vas. Maak weer oop in jou Bybel waar God jou 'n woord gegee het vir jou besigheid en glo dat Hy sal voorsien.

**Wat ons kan weet**

**1 Johannes 5:12,13** *"Hy wat die Seun (Jesus) het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God."*

Die belangrikste wat jy en ek kan (en moet) weet vind ons hier in ons teks, naamlik dat ons kan weet dat ons die ewige lewe het. Het jy die sekerheid van die ewige lewe?
Nog iets wat ek weet is dat God kan van 'n "minus" 'n "plus" maak. God kan van jou teleurstellings 'n sukses maak. Mag enige minus tans in jou lewe 'n groot plus word!

Maak persoonlik 'n studie van Romeine 8. Sodra jy vers 1 lees sal jy weet dat vir dié wat in Christus is sal daar geen veroordeling wees nie. Moenie toelaat dat iemand jou aankla nie, en doen dit ook nie met jouself nie. Jy is 'n nuwe skepsel in Christus. Nie sonder sonde is nie, maar sonder enige blaam. Weet ook dat daar 'n wet is wat in jou werk, naamlik die "wet van die Gees van die lewe" (vers 2) In jou het God genesing geplaas wat enige aanval teen jou kan beveg. Glo dit wanneer 'n virus jou liggaam aanval. Maar glo dit ook wanneer daar 'n geestelike aanval teen jou kom. Die vyand mag sy wapen teen jou rig, maar dank God, dit sal geen skade kan uitrig nie. Lees Jes. 54:17 om hierdie stelling te verstaan. Jy hoef nie self te veg nie want die stryd behoort aan God.

Nog iets wat ons kan weet is dat die Heilige Gees kom ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar dan help Hy ons in ons gebed. (Rom. 8:26)

Raak ontslae van alle onsekerheid in jou lewe.
Weet dat Hy wat die werk in jou begin het, dit sal voleindig.
Weet dat jy die ewige lewe het en dat jy kan glo in Sy Naam!

# God soek 'n man

**Esegiel 22:30** *"En Ek het onder hulle 'n man gesoek wat 'n muur kan bou en voor my aangesig in die bres kan staan vir die land, sodat Ek dit nie verwoes nie; maar Ek het niemand gevind nie"*

God het 'n man gesoek om 'n muur om Jerusalem te kan bou. Vandag soek God 'n man (en 'n vrou) wat tussen Hom en die volk kan staan in gebed. In die King James vertaling word woorde gebruik soos: *"So I sought for a man among them who would make a wall, and **stand in the gap** before Me on behalf of the land, that I should not destroy it; but I found no one"*
Die boodskap vandag aan ons is dat God manne en vroue soek, wat die swak plekke wat daar is in ons gesinne asook in ons omgewing, te kan beskerm. Die beste beskerming wat ons kan bied is om ernstig in te tree in gebed.

Dit is 'n vreeslike gedagte om te dink dat God mense soek wat Hy kan gebruik, maar dan vind Hy hulle nie?
God soek 'n man en 'n vrou wat bereid sal wees om in gebed die oordele te keer, soos wat Moses gedoen het in Ex. 32, toe Israel voor die goue kalf gedans het. Jy en ek kan intree en genade by God smeek. As ons dit nie doen nie, wie sal?
God soek 'n man wat enige probleem kan aanspreek soos wat Dawid vir Goliat aangespreek het, toe hy gesê het: (1 Sam 17:45,46) *"Jy kom na my met 'n swaard en 'n spies...maar ek kom na jou in die Naam van die Here...wat jy uitgedaag het. Vandag sal die Here jou in my hand oorlewer..."*
God soek gelowiges wat reg kan praat en nie negatief soos die wêreld nie. Ons senior mense moet praat soos Kaleb gepraat het selfs toe hy 85 jaar oud was. (Josua 14:10,11)
Onthou: God kan niemand gebruik wat hulself bejammer nie.

God soek 'n man en vrou wat in die die bres kan staan vir hulle wat om jou in nood is.
Wil jy dit nie oorweeg om jou by God aan te meld vir diens nie?

**Jou geliefde sal terugkom**

**Jeremia 31:16,17** *"Maar die Here sê: Hou op met huil en droog jou trane af. Jy sal beloon word vir al jou moeite wat jy vir jou kinders gedoen het. Jou kinders sal terugkom uit die land van die vyand. Daar is hoop vir die toekoms, sê die Here. Jou kinders sal na hulle eie land toe terugkom"*
(Die Boodskap)

Hierdie is ‛n spesiale boodskap vir ‛n vader en moeder, wat so'n boodskap dringend moet hoor! Jy is bekommerd oor jou kind, en jy ween baie voor die Here.
God sê vir jou dat jy jou trane moet afdroog want Hy ken jou nood. Hy weet ook van die geestelike saad wat jy in jou kind gesaai het. Dit het nou vir jou "oestyd" geword, daarom sê die Here: *"Daar is hoop vir die toekoms, sê die Here. Jou kinders sal na hulle eie land toe terugkom"* Glo dit met alles in jou.

Hierdie is ook ‛n boodskap vir hulle wat geliefdes het wat weggedwaal het van die Here af. Ook aan jou wil die Here sê dat jy moet ophou ween. Jy sal sien hoe God hulle terug-bring uit die mag van die vyand. As Christus vrygemaak het, dan is ‛n mens mos waarlik vry. (Joh. 8:36)

As ouers kan ons getuig dat hierdie Skrifgedeelte ook vir ons ‛n werklikheid geword het, toe ons hoof ouderling hierdie teks met ons gedeel het. Hy het ons bekommernis raak gesien. Omdat ons vasgehou het aan hierdie belofte het die Here ‛n seun van ons, jare gelede, weer geestelik herstel. Glo hierdie woord ook vir jouself.

God is ‛n God wat herstel – meer nog, Hy maak splinternuut!
As Hy ‛n werk begin het, sal Hy dit voleindig.
Jy het nou genoeg trane gestort. Jou blydskap sal deurbreek!

## Die Gees weet alles

**1 Kor. 2:11** *"Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God"*
Die Lewende Bybel: *"Wie kan ooit weet wat werklik in 'n ander mens omgaan? Dit is net hy self wat dit weet. Daar is ook niemand wat weet wat in God omgaan nie – dit is net die Gees van God wat dit weet"*

As jy verlang om die Vader hart van God te verstaan, dan moet jy toelaat dat God se Gees jou lewe beheer. In vers 10 lees ons: *"...die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God"* Net God se Gees weet wat diep in ons gees aan die gang is. Nog iets: Dit is die Heilige Gees wat wedergeboorte laat plaasvind het in ons gees.

Ons moet altyd onthou dat ons 'n gees is wat 'n siel besit, terwyl ons in 'n liggaam woon. Ons is nie 'n liggaam wat 'n gees en 'n siel besit nie. Ons liggaam is net die huis waarin ons gees en siel woon. Ons siel bestaan uit ons denke, ons emosies en wil.
As mens is jy so uniek geskep dat net God en jyself weet wat in jou gees is. Wat wel kan gebeur is dat 'n sielkundige jou siel (naamlik jou denke; wil en emosies) kan ondersoek, maar selfs hy kan nooit weet wat in jou gees plaasvind nie. Mag jy gereeld ervaar hoe God se Gees 'n diepgaande werk, hier diep in jou gees, doen. Wanneer laas het jy dit ondervind? Ons het nodig dat God se Gees op ons sal kom soos wat dit met Bileam gebeur het in Num. 24:2-4. As gevolg daarvan was sy geestelike oë oopgemaak en kon hy God se stem hoor. Jy wil tog ook kan "sien" en kan "hoor"

Ek bid dat ons 'n nuwe dors sal kry na God se Gees!
Hoe meer die Heilige Gees ons lewens beheer, hoe meer sal ons God se wil verstaan.
Laat toe dat Sy Gees die diepste dele in jou gees ondersoek.

**Jesus het genade gebring**

**Johannes 1:16,17** *"En uit Sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade. Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom"*

Hierdie teks laat my altyd dink aan die branders by die see. Die een brander het nog nie gebreek nie, dan volg nog een. Terwyl die see bestaan sal branders bestaan. Net so is God se genade. Terwyl God bestaan (en dit sal vir altyd wees) sal Sy genade wees soos die branders van die see wat oor ons sal spoel.
Die woord *"genade"* beteken *"onverdiende guns"* en ook *"onverdiende seëninge"*

Die wet is gegee deur Moses, maar dank God, die genade het deur Jesus Christus gekom. Die wet veroordeel, maar genade spreek vry.
In die Ou Testament, wanneer die sondaar sy lam gebring het na die priester om te offer vir sy sondes, het die priester nie die sondaar ondersoek nie, maar die lam. Die Lam van God (Jesus Christus) was ondersoek en Hy was vlekkeloos gevind, daarom kon Hy die prys betaal het vir ons sondes. Indien Hy jou sondes vergewe het kan en mag jy ook volgens Rom. 8:1 dit uitjubel: *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees"* Die Boodskap vertaal dit soos volg: *"Goeie nuus! God se oordeel is vir altyd verby vir elkeen wat aan Christus Jesus behoort"* Dit is genade!
By dit alles voeg Paulus hierdie woorde: *"En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring."* (2 Kor. 12:9)

Ek gebruik baie die woorde van Bob Mumford, naamlik:
*"Weet jy waarom gee ek genade? Omdat ek genade nodig het"*
Mag jy genade op genade ontvang, en weet dat Sy genade is vir jou genoeg!

## My tyd – julle tyd

**Johannes 7:6,8** *"Toe sê Jesus vir hulle: My tyd (kairos tyd) is nog nie daar nie. Maar julle tyd (kairos tyd) is altyd daar...Gaan julle op na hierdie fees.*
*Ek gaan nie op na hierdie fees nie, omdat my tyd (kairos tyd) nog nie daar is nie."*

Hierdie woorde het Jesus uitgeroep by die Huttefees in Jerusalem. Soortgelyke woorde het Jesus aan Sy dissipels gesê by Sy hemelvaart. Ons lees in Hand. 1:7: *"Dit kom julle nie toe om die tye (chronos of kronologie) of geleenthede (kairos of seisoene) te weet wat die Vader deur Sy eie mag bepaal het nie."*

Daar is twee soorte tyd. Gewone tyd en God se tyd. God se tyd word in Grieks *"kairos tyd"* genoem, en dit beteken *"God se gunstige tyd"* Die ander Griekse woord vir tyd is *"chronos"* wat verwys na die gewone tyd naamlik minute, ure, dae, weke, maande en jare.
As jou *"kairos"* tyd (gunstige tyd wat God vir jou gee) aangebreek het, moet jy dit met albei hande vasgryp. Die lewe is soos die neem van 'n foto. Ek sal dit soos volg stel: *"Life is like taking a picture...if you missed it, you have missed it!"*
Jerusalem het hul *"kairos"* tyd gemis en nie besef dat die ware Messias (Jesus) hul besoek het nie! Ons lees in Lukas 19:41-44 *"En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geween en gesê: As jy tog maar geweet het, ja,, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek...En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter...omdat jy die gunstige tyd (kairos tyd) toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie"*

Jy is nie per toeval op aarde nie – ook nie waar jy nou is nie.
Jy is gebore vir 'n duidelike doel – vind uit wat dit is.
Wanneer God vir jou 'n gunstige tyd gee, gryp dit vas met al jou mag.

# Opwekking van jou gees

**Rigters 15:18,19** *"Daarop kry hy (Simson) baie dors en roep die Here aan en sê: U het deur die hand van u kneg hierdie groot verlossing gegee, en moet ek nou van dors sterwe en in die hand van die onbesnedenes val? Toe kloof God die holte wat by Legi is, en daar kom water uit; en hy het gedrink, en sy gees het teruggekom, en hy het weer opgelewe. Daarom noem hulle dit Roepersfontein, wat vandag nog by Legi is"*

Simson het so pas 300 jakkelse gevang; hulle sterte aanmekaar verbind met brandende fakkels, om die graan van die Filistyne aan die brand te steek. Daarom het hulle hom gevang en met nuwe toue vasgemaak, maar God se Gees het oor hom gekom dat hy homself kon bevry het. Daarna het Simson 1000 Filistyne doodgeslaan met 'n eselskakebeen. (verse 15,16) Dit kon God doen deur een man. Alles klink na 'n sprokies verhaal en jy kan dit net glo as jy glo dat die Bybel is waar!

Na al hierdie oorwinnings is Simson liggaamlik en geestelik uitgeput. Dit is toe dat God vir hom water gee om te drink wat nie net sy liggaam versterk het nie, maar sy gees weer opgewek het. Vandag het God ook "Lewende Water" naamlik Sy Gees, wat ons weer nuwe krag kan gee!
Jesus sê in In Joh. 7:38,39 *"Hy wat in my glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo..."*
Gewoonlik raak ons uitgeput na baie stryd en probleme wat oor ons gekom het. Maar ons ervaar dit ook wanneer ons groot geestelike oorwinnings beleef het.

Is jy daar waar jy voel alles het vir jou net te veel geword?
Jou oplossing is 'n vars aandoening van God se Heilige Gees.
Jy kry dit deur op Hom in stilte te wag (Jes. 40:31)

## Moenie leuens glo nie!

**Sagaria 8:16** *"Dit is die dinge wat julle moet doen: Spreek die waarheid met mekaar; beoefen waarheid en regspraak van vrede in julle poorte!"*

Ons sal verstaan wat dit beteken om die waarheid te praat, maar hoe "beoefen" ons waarheid? Dit beteken om volgens waarheid "te leef" Hoe maklik glo ons leuens, terwyl Jesus ons teen die vader van leuens gewaarsku het (Joh. 8:44)

Die eerste dag toe ek as 'n jeug prediker vir die Here begin werk het, het ek te doen gekry met 'n jong dame in graad 10 wat geglo het dat haar hart sal gaan staan die oomblik as iemand teenoor wie sy getuig van Christus, tot bekering kom. Baie bid saam met haar het nie veel gehelp nie. Gelukkig maak die duiwel baie foute en sy fout hierdie keer was om haar die Vrydag te sê dat haar hart Maandag om 11:00 sou gaan staan. Na 'n lang onderhoud met haar het ons ooreengekom dat indien sy daardie Maandag om 11:00 nie sou sterf aan 'n hartaanval nie, sal sy finaal weet dat die duiwel 'n leuenaar is! Ja, daardie naweek was nie 'n maklike een nie, maar dank God sy het nie gesterf nie en het daar op die skool se gronde saam met haar vriendinne God geloof en geprys. Sy was waarlik vry en sover ek weet leef sy nog na meer as vyftig jaar later!
Daar was ook die tannie in ons gemeente wat geglo het dat sy nie moet getuig as God haar van 'n siekte genees het nie. Sy het geglo dat sy weer siek sou word. Watter groot onsin!
Maar wees egter gewaarsku dat die ding wat jy vrees kan oor jou kom! In Job. 3:25 lees ons: *"As ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my; en die ding waarvoor ek bang is, kom na my toe"*

Onthou, ons geestelike oorlog vind plaas in ons gedagtes.
Ek weet nie waarmee en hoe val die duiwel jou tans aan nie?
Maar dit weet ek: As jy nie die leuen glo nie, maar net die waarheid, sal jy oorwin!

# God gee en Hy roep

**Romeine 11:29** *"As God eenmaal aan mense Sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie."*

The Amplified Bible: *"For God's gifts and His call are irrevocable (meaning: It cannot be changed or reversed) – He never withdraws them once they are given, and He does not change His mind about those to whom He gives His grace or to whom He sends His call."*

Alhoewel Israel ongehoorsaam was teenoor die Here het Hy hulle laat verstaan dat Hy nie Sy genadegawes en roeping sal terugtrek nie. God is nie 'n God wat verwyt nie!
Ons dink hier aan Simson en hoe God hom gebruik het om Israel groot oorwinnings te gee oor die Filistyne. Hy beweeg weg van God se wil; ontmoet Delila en uiteindelik val hy in die hande van sy vyande. Hy verloor sy hare en ook sy oë en bevind hom waar hy vasgebind wass tussen twee pilare.
Dit is hier waar hy weer roep na die Here. Ons lees sy gebed in Rigters 16:28: *"Here, Here, dink tog aan my en versterk my tog net hierdie keer, o God..."* God hoor en help hom om daardie dag duisende Filistyne te oorwin, wat vir my wys dat God hom nie afgeskryf het nie.
Voel jy dat jy die Here teleurgestel het? Is jy waar ek jare gelede was toe ek deur 'n operasie moes gaan en gevoel het dat ek daardeur my vertroue in die Here verloor het. Ek het geen vrymoedigheid gehad om vir iemand wat siek is te bid nie. Totdat ek gedwing was om weer my hande op 'n siek jongman te plaas en vir sy genesing te bid. God het ingegryp en die jongman genees. Ek het besef dat God my geroep het en nie Sy genadegawes teruggetrek het nie.

Dank God opnuut vir Sy genadegawes en Sy roeping in jou. Moenie enige leuens glo nie – glo wat jy in Christus Jesus is. Stel jou vandag beskikbaar aan Hom wat jou geroep het!

## Die stilswye van God

**Psalm 28:1** *"Ek roep U aan, o Here! My rots, draai nie stilswygend van my weg nie, sodat ek nie, as U teenoor my bly swyg, word soos die wat in die kuil neerdaal nie"*

Die Boodskap: *"Ek bid ernstig tot U Here, U beskerm my. Moenie stilbly en my laat voel of ek teen die dak vasbid nie. As U my nie help nie, sal ek so goed soos dood wees"*

Dawid was in groot benoudheid en het in hierdie Psalm gebid om verlossing. Hy roep uit in vers 2: *"Hoor die stem van my smekinge as ek U aanroep om hulp, as ek my hande ophef na die binneste van U heiligdom"*
God hoor ons wanneer ons bid. Daar kom egter tye dat daar 'n stilswye van God is. Dat ons net niks van Hom hoor nie. Dit is dan dat ons voel asof ons teen die dak vasbid. Jy soek die Here met erns. Jy bid meer as gewoonlik. Jy lees die Bybel met groter toewyding en soek na antwoorde, maar kry niks nie.
My raad aan jou is om nooit op te hou om God te vertrou nie. Onthou ook die gesegte: "Moenie moedeloos word nie, want dit is soms die laaste sleutel in die bos wat die deur oopsluit!"
Daardie dag toe Israel by die Rooi see gekom het, en die Egiptenaars hul agtervolg het, het hulle die Here in benoudheid aangeroep. Die antwoord wat hulle gekry het vind ons in Ex. 14:14 *"Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees"*
Ja, baie keer wanneer ons in groot nood is ervaar ons die stilswye van God, maar dan moet ons nooit die idee kry dat die Here ons nie hoor of dat Hy nie belangstel om ons te help nie. Weet dat God vir jou sal stry en jou sal help. Maak soos die liedjie dit uitgedruk het: *"Let go and let God have His wonderful way"*

Neem kennis dat daar wel so iets is soos die stilswye van God. Moet nooit vir een oomblik dink dat Hy jou nie hoor of nie belangstel in jou nie.
Jy moet gedurig bid en nie moedeloos word nie! (Lukas 18:1)

**Bly soek vir jou antwoord**

**Matthéüs 15:22,23** *"'n Kananése vrou het van daardie gebied gekom en na Hom geroep en gesê: Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid! My dogter is erg van die duiwel besete. Maar Hy het haar nie 'n woord geantwoord nie"*

Hierdie vrou het vêr gekom om Jesus te smeek dat Hy haar dogter van duiwel besetenheid sou verlos, maar dan antwoord Hy haar nie. Hoe sou jy dit hanteer het?
Die Boodskap vertaal dit: *"Jesus het egter gemaak of Hy haar nie hoor nie. Maar sy het nie moed verloor nie. Sy het agter Hom bly aanloop en om genade gepleit."*
Daar kom dae dat die antwoord wat ons van die Here soek, nie dadelik kom nie. God antwoord ook nie op dié manier wat ons dink dit moet wees nie. Die rede is dat Sy gedagtes nie ons gedagtes is nie, en Sy weë nie ons weë is nie. (Jes. 55:8)

Die sukses van hierdie Kananése vrou was dat sy bly smeek het vir genade, selfs teenoor Jesus se dissipels. Daarom het hulle Hom gevra om haar weg te stuur van hulle af. Sy was egter vasberade, val voor Jesus neer en pleit: *"Here, help my!"*
Dit is toe dat Jesus die eerste keer met haar praat en haar laat verstaan dat Hy gekom het vir Israel en Hy nie hulle "brood" vir "die hondjies" kan gee nie. Die Boodskap lees: *"Hy sê toe vir haar: Dit is mos nie mooi om die geestelike kos uit Israel se mond te vat en dit vir onrein mense te gee wat nie deel van Sy volk is nie"* Niks het hierdie vrou afgesit nie, en sy wys Jesus daarop dat "hondjies" tevrede is met "krummels" van die tafel af. Jesus prys haar en sê: *"O vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê..."* (vers 28) Haar dogter, wat vêr weg was, het op daardie oomblik gesond geword.

Skep moed, al lyk dit of daar nie 'n antwoord in sig is nie!
Moenie dink God hoor jou nie. Bly soek vir jou antwoord.
Wees vasberade soos hierdie vrou – jou uitkoms sal kom!

**Ken Hom in alles**

**Spreuke 3:6** *"Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak"*

The Living Bible: *"In everything you do, put God first, and He will direct you and crown your efforts with success"*

Die Lewende Bybel: *"Hou Hom in gedagte by elke ding wat jy doen, dan sal Hy sorg dat jou lewe reg verloop"*

King James: *"In all thy ways ackowledge Him, and He shall direct thy paths"*

'n Duisend jaar nadat Salomo Spreuke 3:6 geskryf het, het Jesus iets soortgelyks gesê in Matt. 6:33 *"Maar soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid (ken God in alles) en al hierdie dinge (wat julle eet, drink en aantrek) sal vir julle bygevoeg word"*

Die woord waarmee ons teks begin, naamlik "Ken" kom van die Hebreeuse woord "Yäda" en word in die Ou Testament gebruik wanneer daar verwys word na 'n intieme verhouding, soos tussen 'n man en vrou. Ons moet in verhouding met God staan in alles wat ons doen, dan sal Hy sorg dat dit met ons goed gaan in alles wat ons doen. Plaas dus God altyd eerste in alles. Hy moet eerste wees in enige besluite wat ons neem. Moet nie eers die besluit neem en Hom dan vra om dit te seën nie. Wees kinderlik genoeg om Hom te ken in enige besigheid wat jy aangaan. Moet geen dokument teken indien jy nie Sy vrede in jou hart ervaar nie. Die hele lewe gaan oor verhoudings, daarom is dit belangrik om Hom te ken in elke verhouding. Beslis as dit jou toekomstige lewensmaat betref!

Ken Hom in jou finansies. In jou begroting sorg dat die Here eerste is op jou lys. As jy dit nog nie gedoen het nie, oorweeg om 'n tiende van jou inkomste aan God se werk te gee volgens Mal. 3:10 en ervaar hoedat Hy die hemel vir jou sal oopmaak!

Kyk na jou waardes en prioriteite Waar is God op jou lys? Hierdie Skrifgedeelte sal waarde kry as jy daarvolgens leef. Wat jy ookal doen, plaas God altyd eerste in jou lewe!

## Liefde is die grootste

**1 Korinthiërs 13:13** *"En nou bly geloof, hoop, liefde – hierdie drie; maar die grootste is die liefde"*
Die Lewende Bybel: *"Daar is dus drie dinge wat nie verbygaan nie. Dit is die vertroue op God, die vooruitsig op die dinge wat God beloof het en die liefde. En van hulle is liefde die belangrikste"*

Jy kan die wonderlikste gawes besit en baie goed kan praat, maar as jy nie ware liefde in jou hart het nie, is jy soos 'n leë blik wat geraas maak. In vers 3 sê Paulus dat al sou jy alles wat jy het weggee en jy is selfs bereid om jou lewe te gee, maar jy het nie ware liefde in jou hart nie, is alles tevergeefs. Hoe toets ons ware liefde? Die Lewende Bybel (v.4-7) gee die antwoord: *"Om lief te hê, beteken om geduldig en vriendelik te wees. Dit beteken ook om goeie dinge vir ander mense te gun en nie te spog of hoogmoedig te wees nie. 'n Mens wat ander liefhet, is nie onmanierlik nie en dink nie net aan homself nie. Hy word nie gou kwaad nie en hou nie boek van die onreg wat ander mense teen hom doen nie. Oor verkeerde dinge kan hy nooit gelukkig wees nie. Dit is net die waarheid wat hom gelukkig maak. As 'n mens iemand liefhet, kan jy stilbly oor sy foute. Jy kan die beste dinge oor hom glo en die beste van hom verwag en nooit ophou om hom lief te hê nie"*
In Gal. 5:22 lees ons van die vrug van die Gees. Ek som dit op: Blydskap is liefde wat oorloop van vreugde – Vrede is liefde wat ander kan verdra en hulle van harte kan vryspreek – Lankmoedigheid is liefde wat baie geduld kan bewys – Vriendelikheid is liefde wat warmte uitstraal – Goedheid is liefde wat aanhou goed doen aan ander – Getrouheid is liefde wat nooit opgee nie, al stel ander teleur – Sagmoedigheid is liefde wat jou minsaam en aanvaarbaar maak – Selfbeheersing is liefde wat die self en eie-ek in jou, in toom kan hou.

Miskien begeer jy gawes en talente?
Begeer eerder die grootste van alles, naamlik die liefde!

# Die oeslande is oorryp!

**Matthéüs 9:37,38** *"Toe sê Hy vir Sy dissipels: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in Sy oes mag uitstuur"*

Die Lewende Bybel: *"Daarom het Hy vir Sy dissipels gesê: Daar is baie mense wat in God se nuwe ryk ingebring moet word. Dit is soos 'n groot oes. Maar die mense wat in die oesland werk, is min. Daarom moet julle die Eienaar van die oes vra dat Hy werkers sal stuur om sy oes in te bring"*

Die lande is nie net ryp vir die oes nie, maar die lande is vandag "oorryp" volgens Op. 14:14-16. Ons opdrag is om met die boodskap te gaan, maar dit is treffend hoe bid ons vir die oes, soos: *"Here, red al die mense in ons dorp en land"* Terwyl die Here gesê het dat ons vir meer arbeiders moet bid. Miskien moet ons soos volg bid: *"Here, red die wat besig is om verlore te gaan, maar asb. stuur en gebruik my"*
Almal kan nie voltydse predikers wees nie, maar elkeen van ons kan 'n getuie vir Christus wees.
Eendag het 'n vrou vir 'n wêreld bekende sendeling, Gypsy Smith, gesê dat die Here haar geroep het om voltyds te preek, maar dat sy twaalf kinders het. Wat moes sy doen? Vinnig was sy antwoord: *"Gelukkige vrou! Die Here het jou geroep om te preek en jou sommer voorsien van 'n gemeente!"*

Magie, 'n gelowige fabriekswerker, het op haar sterfbed vir oulaas probeer mense wen vir Christus toe sy op 'n stuk papier geskryf het: *"Only one door, it's side are two. Inside and outside; on which side are you?"* Magie het 'n brandende passie gehad vir verlore siele. Het jy 'n passie in jou hart om onverlostes te help?

Kyk om jou en aanskou die oes wat oorryp geword het.
Meld jouself aan as 'n werker vir Christus om 'n verskil te maak.
Iemand het Christus vandag nodig, en jy het 'n boodskap van hoop vir daardie persoon!

**Ons is nuwe mense!**

**2 Korinthiërs 5:17** *"Daarom as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."*

Die Boodskap: *"Nou weet ek dat wanneer iemand aan Christus behoort, hy 'n splinternuwe mens is – 'n nuwe skepping in die kleine. Al die ou sondige dinge is dan iets van die verlede. Dan is die nuwe lewe hier!"*

Ek vra: Is jy 'n splinternuwe mens? 'n Nuwe skepsel?"
Ek was 16 jaar oud toe ek dit geword het – hoe kan ek dit vergeet? Dank God, toe ek 'n nuwe mens geword het, het ek my humeur "verloor" om dit nooit weer "op te tel" nie!
Blaai gereeld na Efesiërs 1 en sê vir jouself: Ek is geseënd, want in vers 3 staan daar *"Jesus Christis het ons geseën met alle geestelike seëninge"* Volgens vers 7 is ek vergewe. *"In Hom het ons die verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van Sy genade"* In vers 13 staan daar geskrywe: *"...in wie julle ook, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte"* Dank God, ek is dus geseënd, vergewe en verseël met Sy Gees!
Dink reg omdat jy 'n nuwe mens is. Rom. 12 :2 *"Word verander deur die vernuwing van julle gemoed(denke)"* Praat reg, en onthou die woorde in Spr. 18 :21 *"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet!"* Maak seker dat jy net positiewe woorde praat. Vergeet jou verkeerde verlede. Jy sal nooit kan oorwin as jy dit nie doen nie. Omdat God jou vergeef het, vergewe ook ander. Nuwe mens, jou skuld is weggeneem! 2 Kor. 5:21 *"Nou sê God as ons aan Christus verbind is, is ons skuld weggeneem, net so goed of ons self nooit sonde gedoen het nie"* (Lewende Bybel)

Om te dink jou skuld is weggeneem.
Dit is net so goed asof jy nooit sonde gedoen het nie.
Sê vir jouself: *"Ek is geseënd; ek is vergewe; ek is verseël met God se Gees!"*

# Verhoudinge

**2 Korinthiërs 5:21** *"Christus het nooit enige sondes gedoen nie. Maar God het Hom aan die kruis in ons plek in sonde verander. Hy het al ons sondes daar op Christus afgelaai **sodat ons wat in Hom glo se verhouding met God nou herstel is"*** (Die Boodskap)

Die groot boodskap is dat ons verhouding met Hom herstel is! Wat sê ons as ons praat van "verhoudinge"? Die eenvoudigste wat ek verhoudinge kan verduidelik is dat dit die verbintenis asook die gevoel diep binne mense is wat hul vir mekaar het. Daar kan geen verhouding wees sonder enige verbintenis nie. Jy mag 300 vriende hê op "Facebook" en baie volgelinge op "Twitter" en tog kan dit moontlik wees dat jy probleme het met verhoudinge. Dit is moontlik dat jy ook mense in jou omgewing ken (weet wie hulle is) en tog nie eintlik in verhouding met hulle leef nie. Ons verhouding met ons medemens is vir God so belangrik dat Hy bereid is om te wag vir ons offers wat ons aan Hom wil bring sodat ons eers ons verhouding kan herstel met ons medemens. Lees gerus daarvan in Matt. 5:23,24.
Dit sal nie veel baat as jy die Bybel goed ken maar jy het nie 'n verhouding met die God van die Bybel nie. Jou verhouding, of dan jou verbintenis en jou gevoel vir God is baie belangrik.
Dit laat my dink aan die seuntjie wat met sy vlieër (kite) in die wind gespeel het. 'n Ou oom het by hom kom staan en hom gevra wat hy doen. Sy antwoord was in Engels: *"I am flying my kite"* Die ou oom het geantwoord dat hy niks kan sien nie. Die jong seun se reaksie hierop was duidelik toe hy gesê het: *"You can't see anything, but I can feel the pull"*
Dit is hoe 'n verhouding met die Here werk. Alles is nie sigbaar nie – *"but I can feel the pull"* Omdat ek aan God verbind is deur Sy woord en Sy Gees, leef ons in verhouding met mekaar.

Het jy goeie verhoudinge met hulle in jou huis?
Is jy oortuig dat jy in 'n baie mooi verbintenis met God leef?
*'Can you feel the pull?'*

# God se hand

**Johannes 10:27,28** *"My skape luister na My stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit My hand ruk nie"*

Die Boodskap: *"Ek sal hulle versorg en beskerm. Niemand sal hulle uit My versorgende hand ruk nie"*

Wonderlik! Daar is niks en niemand wat jou en my uit die Vader se versorgende hand kan ruk nie! Terwyl ons in Sy hand bly, sal ons beskerm word en sal Hy ons lei en vir ons sorg.

Oral in die Bybel lees ons van God se hand. Vir Israel het die Here gesê dat Hy hulle uit Egipte *"uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm"* (Deut. 5:15) Etan roep uit in Psalm 89:14 *"U het 'n arm met mag; U hand is sterk"* Dawid sê vir God: *"My tye is in U hand; red my uit die hand van my vyande en van my vervolgers"* (Psalm 31:16) Jesaja skryf: *"Kyk, die hand van die Here is nie te kort om te help nie, en Sy oor is nie te swaar om te hoor nie"* (Jesaja 59:1)
Moenie jou bekommer en dink dat God nie vir jou sal deurkom nie! Hy hou jou in Sy hand en is jou beloner. (Heb. 11:6)
'n Seuntjie het oor 'n lang en gevaarlike hangbrug sy vader se hand vasgehou. Toe hy moeg word en besef dat hy nie meer kan vashou nie, het hy sy vader gevra om liewer sy hand te vat omdat hy geweet het sy vader is sterk en sal nie laat los nie.
Jy het lank vasgehou aan jou Hemelse Vader se hand – vra Hom nou om liewer jou hand te vat, voordat jy moeg word en laat los.

1 Petrus 5:6,7 *"Plaas julle hele lewe in die hand van God, in totale afhanklikheid van Hom. Wanneer die tyd daar is, sal Hy julle 'n ereplek by Hom gee.*
*Neem al die dinge waaroor julle julle bekommer of wat julle omkrap na God toe, want Hy self is die een wat vir julle sorg"* (Die Boodskap)

# Herstel ons!

**Psalm 85:5** *"Herstel ons, o God van ons heil, en maak tot niet U grimmigheid teen ons!"*

Die Boodskap: *"God, verander tog ons omstandighede. Kry ons weer jammer. U is die een wat ons vrymaak. Moenie meer vir ons kwaad wees nie"*

Die woord "herstel" het ek in drie Woordeboeke nageslaan en die volgende verduideliking gevind: 'n Engelse woordeboek sê: "Restore means to cause it to exist again as it was" In 'n Afrikaanse woordeboek het ek gevind: "Terugplaas; terugbring na oorspronklike toestand; genees; ongedaan maak."
Wat so wonderlik is dat wanneer God herstel, dan vermeerder Hy alles. Dit is wat die Here met Job gemaak het. Job het letterlik alles in sy lewe verloor. Sy vrou, sy kinders en al sy goed. Maar toe God hom herstel het, lees ons in Job. 42:10,12 *"En die Here het die lot van Job verander...en die Here het Job se besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen. En die Here het die einde van Job meer geseën as sy begin..."*
Jy wat hierdie moes hoor...gryp dit vas met albei jou hande!! Mag dit met jou gaan soos wat dit is met die breek van 'n been in 'n mens se liggaam. Na so'n breek is daardie deel van die liggaam sterker en dit sal nie weer op daardie plek breek nie. Wanneer Hy jou herstel het sal jy sterker wees as wat jy was! Die Here die boek "Purpose Driven Life" wêreldwyd gebruik om gelowiges te help om weer hul doel in die lewe te herondek. Laat toe dat die Here se doel weer in jou lewe herstel word! Ons grootste doel is om die Here te aanbid. In Joh. 4:24 sê Jesus: *"God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid"* In die vorige vers voeg Hy by: *"die Vader soek ook mense wat Hom so aanbid"*

Begeer jy dat die Here jou omstandighede sal verander?
Dat die Here dinge sal herstel soos dit oorspronklik was?
Mag Hy jou bederf en jou baie meer gee as wat jy verwag!

# Wysheid

**Spreuke 4:5,6** *"Verkry wysheid, verkry insig; vergeet nie en wyk nie af van die woorde van My mond nie: verlaat dit nie, dan sal dit jou bewaar; kry dit lief, dan sal dit jou bewaak"*

Die Boodskap: *"Doen jou bes om elke dag meer wysheid en insig te kry. Moet tog nooit My woorde verwerp nie. Moenie lewenswysheid los soos 'n slegte man partykeer 'n vrou los nie. Wees lief daarvoor (vir wysheid) soos 'n goeie man sy vrou liefhet. Dan sal jy reg leef"*

As jy wysheid begeer sal jy meer tyd moet spandeer om die Bybel te lees en met God te praat. Ons kan nie verwag om geestelike resultate te kry as ons die minimum tyd aan ons geestelike welstand gee nie. Olimpiese atlete oefen baie hard vir vier jaar, om miskien net vir 10 sekondes in die 100 meter te hardloop! Vier jaar se harde oefening vir tien sekondes?
'n Definisie vir wysheid: *"Wisdom is the ability to use your experience and knowledge in order to make sensible decisions or judgments."* (The Collins Dictionary)
Wysheid sal jou help om die regte besluite te maak.
Die eerste stap na wysheid is om God te respekteer. Spr. 9:10 *"Die beginsel van wysheid (dit waarop wysheid gebou word) is die vrees (die heilige respek) van die Here..."*
Dawid se raad aan Salomo was om met wysheid as koning te regeer. (1 Kon. 2) Geen wonder dat hy, toe God hom 'n keuse gegee het, wysheid bo alles gekies het nie. (1 Kon. 3:5-14)
Volgens Jak. 3:17 kan ons sê dat wysheid wat van die Here kom is: *Rein en opreg; sonder enige bybedoelings; dit soek vrede; is vriendelik; is gewillig om na ander ook te luister; dit het meegevoel; is onpartydig en nie skynheilig nie.*

Begeer hierdie soort wysheid sodat jy goeie besluite kan neem. Jak. 1:5 *"En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word"*

## Bedroef nie die Gees nie

**Efesiërs 4:30** *"En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing"*
Die Boodskap: *"Moenie die Heilige Gees wat God vir julle gegee het, se hart seermaak nie. Dat die Gees in julle is, is die bewys dat julle aan God behoort. So sal dit bly tot op die dag dat ons finaal van die sonde ontslae sal wees."*

'n Boodskap soos hierdie is ook nodig: En dit is, dat ons nie die Heilige Gees moet bedroef nie.
Paulus verduidelik vanaf vers 25 tot 31 hoe ons die Heilige Gees bedroef (seermaak) naamlik: Deur leuens; deur woede; deur bitterheid; deur te neem wat nie aan ons behoort nie; deur te laster. Dan voeg Die Boodskap die volgende woorde by, naamlik: *"Moet ook nie allerhande vuil grappe vertel of lelike praatjies maak nie."*

Al bogenoemde is dinge wat God se Gees seermaak, en moet deur ons vermy word. Omdat ek glo dat ek met mense praat wat die Here wil gelukkig maak, is die teenoorgestede en positiewe kant wat ons moet doen, die volgende: Besluit om net die waarheid te praat, want waarheid sal jou vry maak. Dink hieraan: *"As jy net die waarheid praat hoef jy nooit te onthou wat jy gesê het nie"* Wat woede betref: Ja, dit is moontlik om woede te ervaar, maar moenie toelaat dat woede jou besoedel nie. Maak vrede so gou as jy kan sodat jy nie die Heilige Gees sal seermaak nie. Moet niks neem wat nie aan jou behoort nie, en wees gewillig om hard te werk vir wat jy besit. Moenie woorde gebruik wat mense kan skok en seermaak nie, maar liewer wat kan bemoedig.

Dit is in jou vermoeë om ontslae te raak van bitterheid.
Jy verwyder bitterheid as jy bereid is om ander te vergewe.
Of hulle dit verdien of nie – jy spreek vry omdat Christus jou vrygespreek het!

**Ons woorde**

**Spreuke 13:3** *"Wie sy mond bewaak, bewaar sy lewe; wie sy mond nie kan hou nie gaan sy ondergang tegemoed."*
**Spreuke 15:1** *"'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af (laat die woede bedaar)maar 'n krenkende woord ('n woord wat seer maak) laat die toorn opkom."*
**Spreuke 16:24** *"Vriendelike woorde is soos 'n heuningkoek: soet vir die siel en 'n genesing vir die gebeente."*
**Spreuke 17:27** *"Wie sy woorde inhou, besit kennis; en hy wat kalm is van gees, is 'n man van verstand."*
**Spreuke 18:21** *"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet."*

Let op hoe verkeerd praat ons: "Ek is bevrees, so en so gaan gebeur" Hoekom gebruik ons die woord "vrees" so baie? "Hoe gaan dit met jou siekte?" Ons praat asof ons die siekte besit. "Dit is mos 'n familiekwaal - want die Here besoek 'n mens mos aan die 3de en 4de geslag". Ja, in Ex.20:5 lees ons hiervan, maar let op die woorde *"van die wat My haat"* Indien jy nie die Here haat nie, kan dit mos nie op jou van toepassing wees nie. "Ek voel die griep kom aan" Moenie siekte na jou of jou huis "roep" nie. Want as jy iets vrees sal dit oor jou kom. Dan hoor ons dikwels mense sê: "Ag, ek is maar swak." Hoe kan jy dit sê terwyl Sy krag in ons swakheid volbring word? Jy en ek kan selfs die duiwel oorwin deur ons woorde. Op. 12:11: *"Hulle wapens was die bloed van die Lam en die boodskap wat hulle met soveel oortuiging aan ander vertel het"* (Die Boodskap) Lees weer met aandag hoedat Dawid met Goliat gepraat het in 1 Sam. 17:45-47. Dawid het Goliat met sy woorde oorwin nog voordat die klip sy voorhoof binnegedring het!

Jy staan voor jou "Goliat" (jou probleem) wat jou uitdaag. Moenie jou probleem bespreek of net jou probleem bid nie. Besef daar is krag in jou woorde en spreek jou probleem aan in die Naam van die Here!

## Ons wapens

**Efesiërs 6:11,12** *"Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug"*

Ons het genoeg wapens wat ons kan gebruik teen aanvalle. Een van hierdie wapens is "waarheid" en word vergelyk met 'n gordel (of belt) wat jou bo-en-onder klere aanmekaar hou. Voorwaar, waarheid is al wat dinge aanmekaar hou. Praat nie eers van die huwelik nie! Onthou waarheid verdedig homself. Die tweede wapen word hier genoem "die borswapen van geregtigheid" Geregtigheid is wanneer ek voor die Here staan sonder enige blaam. Nie sonder sonde nie, maar sonder enige veroordeling. (Rom. 8:1) Die "skoene" waarna verwys word is wanneer ons bereid is om die Here se goeie nuus te vertel. Ek is van mening dat daar teveel "kaalvoet" Christene vandag is. Alles maak hulle seer en hulle kla oor alles.Trek jou "geestelike skoene" aan en vertel wat die Here vir jou gedoen het. Bel sommer nou iemand wie jy kan bemoedig!
Dan lees ons van "die skild van die geloof" Geloof werk soos 'n skild wat enige wapen teen jou en jou gesin sal stuit nog voordat dit skade kan doen. Die "helm van verlossing" is oor ons denke, want dit is die plek wat die meeste aangeval word. Doen dus wat geskrywe staan in Kol. 3:1,2.
Volgens verse 17,18 is die Bybel "die swaard van die Gees" Gebruik dit dus as jou swaard (Heb. 4:12) Jy moet altyd gereed wees om te kan sê: "Daar staan geskrywe" En al wat ek oor gebed wil sê is: "Here, leer ons om in die Gees te kan bid"

Maak seker dat jy hierdie wapens het en kan gebruik.
Sorg dat jy genoeg woord in jou hart het – dit is jou swaard.
Weet jy is aan God se kant van die geveg – dit is die wen kant!

## Saamstem in die huwelik

**Matthéüs 18:19** *"As twee van julle saamstem op aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van My Vader wat in die hemele is."*

Die Lewende Bybel: *"Dan sê Ek nou ook vir julle, as twee van julle hier op aarde oor 'n saak bid en daaroor saamstem, sal my Vader wat in die hemel is dit vir julle gee"*

Ek is oortuig dat die twee persone wat behoort saam te stem is man en vrou in die huwelik. Hierdie waarheid behoort geleer te word vanaf dag een in elke egpaar se huwelik. Verdeeldheid in 'n huis is gevaarlik. Jesus het 'n baie duidelike stelling hieroor gemaak in Mark. 3:25, toe Hy gesê het: *"As 'n huis teen homself verdeeld is, kan daardie huis nie bly staan nie."*
Waaroor behoort 'n man en vrou saam te stem in hul huwelik?
Stem saam oor die geestelike dinge. Daarom is dit noodsaaklik om saam Bybel te lees en ook saam te bid. En natuurlik moet man en vrou (en hul gesin – as daar is) saam gaan na God se plek van aanbidding, waar hulle saam met ander gelowiges die Here kan aanbid. (Heb. 10:25)
Stem saam oor jul vriendekring. Verkeerde vriende was al die oorsaak dat baie huwelike en gesinne ineen gestort het.
In Ps. 119:63 lees ons: *"Ek is 'n metgesel van almal wat U vrees, en van die wat U bevele onderhou"* Die Boodskap vertaal dit: *"My vriende is ook mense wat vir U respek het en doen wat U sê"*
Ons moet saamstem oor ons finansies. Tweedrag en geheime oor 'n egpaar se finansies kan ontaard in 'n baie gevaarlike situasie. Stem ook saam oor watter bedrag julle aan God se werk sal gee en wees altyd blymoedig wanneer julle dit doen. (2 Kor. 9:7)

As ek my huis se deure gesluit het, soek ek vrede in my huis.
As ek vrede in my huis het, sien ek kans vir enige probleem.
Onthou: 'n Mens word ouer en nie jonger nie – leer dus om saam te stem!

## Skeppingskrag in jou mond

**2 Korinthiërs 4:13** *"En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het - soos geskrywe is; Ek het geglo, daarom het ek gespreek - glo ons ook, daarom spreek ons ook."*

Ek het baie keer, toe my seuns tieners was, in die nag voor een van hulle gaan staan en vir hom gebid terwyl ek oorwinning oor hom gespreek het. Ja, oor sy studies, sy toekomstige vrou en wat hy eendag sou word. Daar kom tye dat ek my vrou roep en ook woorde van seën oor haar spreek.
Jesus het ons geleer in Mark. 11:23,24 dat ons probleme wat soos 'n berg voor ons staan, kan verwyder. Jou probleem is nooit groter as God nie, en by God is alle dinge moontlik.
Praat met jou finansiële berg soos volg: *"Omdat ek gee aan God, glo ek dat Hy die hemel se vensters vir my sal oopmaak"* (Mal. 3:10) *"Ek sal volop maai (ontvang) omdat ek volop gesaai het (gegee het)"* 2 Kor. 9:6. As jou "berg" siekte is, haal dan 1 Pet. 2:24 aan en dank God dat deur Jesus Christus se wonde jy genees is. Glo dat God die laaste sê oor jou lewe het.
Leer en gebruik tekse soos: 1 Joh. 4:4 *"Hy wat in my is, is groter as hy wat in die wêreld is"* Smith Wigglesworth het altyd die volgende uitdrukking in sy prediking gemaak: *"I am bigger on the inside than on the outside"* Glo dit ook vandag vir jouself – en leef daarvolgens. 2 Kor. 5:17 *"Omdat ek in Christus is, is ek 'n nuwe skepsel. Die ou dinge het verbygegaan en alles het nuut geword"* 2 Tim. 1:7 *"God het my nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar 'n Gees van krag, liefde en selfbeheersing"* Rom. 8:1*"Ek het geen veroordeling nie, want ek is in Christus"* Jes. 54:17 *"Elke wapen wat teen my opgeneem word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen my opstaan in die gereg, sal ek weerlê."*

Daar is voorwaar skeppingskrag in jou mond.
Mag Hy vandag jou lippe aanraak met Sy vuur.
Omdat jy dieselfde Gees van geloof het – Spreek!

**Hoop, drome en verwagting**

**Spreuke 13:12** *"'n Uitgestelde hoop (hoop wat jy langer voor moet wag) maak die hart siek; maar 'n wens wat uitkom, is 'n lewensboom"*

Die Lewende Bybel: *"As 'n mens lank uitsien na iets en dit gebeur nie, maak dit jou moedeloos, maar as 'n mens se begeerte vervul word, gee dit jou nuwe moed"*

Hoop is die innerlike beeld wat soms groter is as jyself. Bou en versterk jou hoop met die beloftes in God se woord.
Dawid se hoop was op God. Hy het so treffend gebid in Ps 39:8 *"En nou, wat verwag ek, o Here? My hoop is op U"* Paulus praat in Rom. 15:13 van God as *"die God van die hoop"*
En wanneer Paulus verwys na Abraham wat op 100 jaar en sy vrou op 90, nog hoop gehad het om 'n seun van die Here te ontvang, dan skryf hy in Rom. 4:18 *"Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop en geglo, en so die vader van baie nasies geword..."*
Moontlik het jy op 'n plek gekom waar jy geen hoop in 'n saak het nie? Vir jou wil ek bemoedig met Fil. 4:19 *"En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus"*
Of praat ek met iemand wat hoop in jou hart het, ja, 'n droom en verwagting? Ek hoor mense praat van hul "bucket list" Mag die Here waarlik jou begeertes, jou hoop, jou droom, jou verwagting...vervul!
Miskien praat ek met iemand in 'n siekbed of jou geliefde wat ernstig siek is? Moet nooit jou hoop in die Here verloor nie, want Hy is die Groot Geneesheer. (Jes. 53:5)
Is jy in finansiële verknorsing? Die God wat gesê het dat Hy 'n tafel in die woestyn kan dek, sal vir jou voorsien baie meer as wat jy kan dink of bid.

*"Ek bid dat God in wie julle al julle hoop stel, elke deeltjie van julle geloofslewe sal vol maak met blydskap en vreugde..."*
(Rom. 15:13 – Die Boodskap)

## Pasop vir die versoeker!

**Lukas 4:1,2,13** *"En Jesus het vol van die Heilige Gees teruggekeer van die Jordaan af, en is deur die Gees in die woestyn gelei, waar Hy veertig dae lank deur die duiwel versoek is...En toe die duiwel elke versoeking geëndig het, het hy 'n tyd lank van Hom gewyk"*

Weet een ding: As die duiwel kans gesien het om Jesus te versoek, sal hy kans sien ook vir jou en vir my. Baie is onder die indruk dat die duiwel jou adres verloor wanneer jy jou lewe aan Christus gee! O nee, hoe nader jy aan die Here leef, hoe meer val die duiwel ons aan. Onthou jy het wapens! (Ef. 6)
Dan lees ons: 1 Pet. 5:8,9 *"Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof..."* En in Jak. 4:7 staan geskrywe: *"Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug."* Ons kan hom teëstaan en weerstaan!
Die woorde in vers 13 *"'n tyd lank"* vertel ons dat die duiwel nie geheel en al pad gegee het om Jesus weer te versoek nie.
Die duiwel versoek gewoonlik dié deel in ons lewe wat daardie oomblik die swakste is. Vir Jesus was dit toe Hy honger geword het, nadat Hy 40 dae sonder kos in die woestyn was. Hy het Jesus gevra om van die klippe brood te maak (verse 2-4)
Om vleeslike drange te hê is geen sonde nie, maar indien hierdie drange op die verkeerde manier bevredig word, is dit verkeerd. Vir Esau was dit nie vir hom verkeerd om honger te word vir sy broer se lensiesop nie, maar om sy eersgeboortereg te verkoop om dit te verkry, dit was verkeerd.

Moet nooit vergeet wat in 1 Kor. 10:12,13 geskrywe staan nie: *"Daarom wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie – God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie..."*

## Versoeking – hoe kom dit?

**1 Johannes 2:16** *"Kyk wat bied die wêreld alles aan – die sondige drange van die menslike geaardheid, die begeerte om alles te hê wat jou oë sien en die sieklike trots op die dinge wat vir mense so belangrik is..."* (Die Lewende Bybel)

Versoeking kom op drie vlakke: Dit wat ons liggaam begeer; dit wat ons oë sien en hoogmoed. Maar een ding moet jy duidelik verstaan, en dit is: Jy het nog nie gesondig as jy versoek was nie. As versoeking sonde was, dan het Jesus gesondig. Hy was versoek net soos enige van ons maar het nie toegegee aan die versoeking nie, daarom het Hy nie gesondig nie. Ons lees in Heb.4:15: *"Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek was net soos ons, maar sonder sonde"*
Een van Jesus se versoekings was dit wat Hy gesien het. (Lees in Lukas 4:1-13 hoe Jesus versoek was)
Om te sien is geen sonde nie, maar om te begeer wat ons sien terwyl dit nie God se wil vir ons is nie – dit is 'n sonde. Moenie vir een oomblik dink die duiwel ken nie die Bybel nie. Hy weet hoe om "tekse" te gebruik en hoe om dit te verdraai. Ken dus jou Bybel sodat jy dit kan gebruik teen die duiwel se aanvalle. Moenie net hier voor jou vaskyk nie, maar plaas jou oë op 'n doel verder as dit. Hier dink ons aan Josef. Al moes hy wegvlug van Potifar se vrou en selfs onskuldig in die tronk beland, het hy nie God se beplanning in sy lewe vergeet nie. (Gen. 39:40) Kry 'n vêr gesig van dit wat vir jou wag!
Die ou mense sê: "Jy kan nie help as 'n kraai oor jou kop vlieg nie, maar jy kan help dat hy nie in jou hare nes maak nie"

Alle menslike drange is nie sondig nie – bevredig dit net op die regte manier.
Vra God om 'n wag te sit voor jou oë en om jou nederig te hou.
Die Bybel sê: *"Hoogmoed kom voor die val!"*

## Versoeking – hoe werk dit?

**1 Korinthiërs 10:13** *"Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra".*

Ek kan versoeking nie beter verduidelik as wat Jesus se broer Jakobus dit gedoen het nie. Jak. 1:2-4 en 12-15: *"Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof leidsaamheid bewerk...Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet. Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie. Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid* ***weggesleep en verlok*** *word. Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar (produseer) dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort."*

Versoeking probeer jou "wegsleep" en "weglok" As jy dus nie bereid is om dit toe te laat nie, het jy nog nie gesondig nie!

'n Praktiese voorbeeld is hoe Agan gesondig het. Ons lees in Jos.7:20,21 *"...Ek het naamlik een mooi mantel uit Sinear by die buitgoed* ***gesien*** *en twee honderd sikkels silwer en een goud staaf van vyftig sikkels in gewig, en ek het dit* ***begeer*** *en dit* ***geneem****; en kyk, daar lê dit begrawe in die grond binne-in my tent en die silwer daaronder."*

God laat nie toe dat jy bo jou kragte versoek word nie.
Sy krag word in jou swakheid volbring sodat jy staande kan bly.
Jy het nie gesondig as jy versoek was nie – moenie dat dit jou wegsleep van God nie!

## **"Pikros"**

**Hebreërs 12:15** *"En pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie"*

Die woord "bitterheid" kom van die Griekse woord "pikros" en beteken om "te steek en te sny"

Jy het geen spesiale openbaring nodig om te weet of iemand bitterheid in hul hart het nie. As jy iemand kry wat altyd met hul mond mense "steek en sny" kan jy maar weet dat daar groot bitterheid in hul harte is. Volgens ons teks word ons geleer dat bitterheid soos 'n wortel is, en dat dit selfs ander mense om ons sal besoedel.
'n Wortel is iets wat nie gesien kan word nie, maar dit is dié deel wat die plant voed. Moet nooit toelaat dat jou lewe "gevoed" word met "'n wortel van bitterheid" nie.
Simon die towenaar was deur Paulus sterk aangespreek oor sy bitterheid: *"Want ek sien dat jy in 'n gal van bitterheid en bande van ongeregtigheid is"* (Hand. 8:23)
Dit beteken dat Simon vergif was met bitterheid. Voorwaar bitterheid werk soos 'n dodelike gif, en kan selfs 'n mens se dood veroorsaak! (Hand. 12:20-24)
Ek loof die Here vir die boodskap van vergifnis! Dat jy en ek deur Jesus Christus vergewe is van ons sondes; dat ek myself gedurig kan vergewe en dat ek ander wat teen my verkeerd opgetree het, ook kan vergewe. Een van my gesegdes is altyd: "Weet jy waarom gee ek genade? Omdat ek genade nodig het!" Ek spreek mense vry nie omdat hulle dit verdien nie, maar omdat ek vry wil wees!

Maak seker dat daar glad nie "pikros" in jou lewe is nie.
Dit is goed om jouself altyd deeglik te ondersoek. (2 Kor. 13:5)
Jesus het gesê: *"Spreek vry, en julle sal vrygespreek word"* (Lukas 6:37)

**Die Evangelie van die Koninkryk**

**Matthéüs 4:23**: *"En Jesus het deur die hele Galilea rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en **die evangelie van die koninkryk** verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees".*

Die Boodskap vertaal dit: *"Jesus het baie goeie nuus vir hulle gehad: Hy het vir hulle gesê dat God se splinternuwe wêreld aangebreek het. Om te wys dat Hy die waarheid praat, het Jesus elke siekte en kwaal waaraan hulle gely het, gesond gemaak"* Dit is vir ons duidelik dat waar God se koninkryk kom sal daar genesing en wonders plaasvind. 'n Vraag: Hoekom sien ons so min wonders en genesings in ons kerke? Verkondig ons dan nie die evangelie nie? Ek val nie aan nie, ek vra omdat my hart daarna roep!
Die Griekse woord vir "koninkryk" is "baileia" en beteken "koninklike gebied" God se koninkryk is dié gebied en plek waar Sy wil erken en gehoorsaam word. 'n Mens word deel van God se koninkryk wanneer jy tot bekering kom. Daardie dag as jy besluit om sonde vaarwel te roep en om Jesus aan te neem as jou Saligmaker. (Joh. 1:12) Van daardie dag af besluit jy om God se wil te erken en Hom in alles gehoorsaam te wees. Daarom moet jy jou hart bewaak, dat niks sal inkom wat jou onrein sal maak nie. (Markus 7:20-23) Waar ons woon moet ook 'n plek wees waar God regeer. Dit sal ons niks baat om 'n muurteks te hê met woorde soos: *"Hier is die Here die stille luisteraar van elke gesprek"* terwyl ons toelaat dat gelowiges daar bespreek en afgetakel word nie. As jou huis deel van God se koninkryk is, moet jy besluit wat laat jy toe in jou huis. Wat jou besigheid betref: Besluit om net eerlike besigheid te doen. Maak die Here 'n vennoot in jou besigheid. Iemand het gesê: *"If you stay in tune with God, He knows all the bargains"*

Ek het goeie nuus vir jou: Jesus Christus wil elke kwaal en siekte wat daar in jou huis is, genees.
Hy wil die alleen Heerser wees in jou hart en in jou huis.

## Soek eers Sy koninkryk

**Matthéüs 6:33** *"Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word"*
The Amplified Bible: *"But seek for (aim at and strive after) first of all His kingdom, and His righteousness (His way of doing and being right) and then all these things taken together will be given you besides"*

Die "dinge" in ons teks is wat ons eet, drink en aantrek.
In ons Skrifgedeelte staan nie: *"met dié motief om al hierdie dinge te kry nie"* Moenie kyk wat jy uit jou "Godsdiens" kan kry nie, maar kyk eerder wat jy daarin kan insit! Indien ons egter die Here se wil en heerskappy soek, sal God ons beloon met dit wat ons selfs fisies nodig het. Ons prioriteite moet reg wees. God is vòòr my man òf vrou; my werk; my studies; my familie; my vriende; my plesier en my eie behoeftes. As ons God eerste stel in ons lewens sal ons uitvind dat een van Sy wonderlike eienskappe is dat Hy nie 'n pretbederwer is nie. Hoekom glo ons dat die Here nie wil hê dat ons die lewe moet geniet nie? Ons praat nie van hoe die wêreld hulself geniet nie, maar hoe ons as Sy kinders kan geniet wat Hy vir ons alles gemaak het. Ek vra dat ons die gebied waar ons woon, werk en studeer sal afsonder vir die Here, en dit sal verklaar as God se gebied. Daar is genoeg Skrifgedeeltes waar God ons opdrag gee om die land vir Hom in besit te neem. Kom ons vervul hierdie opdrag. Charles Finney, die wêreld evangelis, het sy dorp afgesonder en afgebaken vir die Here. Dit word vertel dat wanneer treine snags deur sy dorp beweeg het, het mense van hul slaapbanke op hul knieë neergeval en hul tot God bekeer. Bid dat God se koninkryk sal kom in jou gemeenskap, jou dorp en stad.

Soek altyd Sy koninkryk eerste in alles wat jy doen.
Die Here se wil en Sy beheer in jou lewe is nie onderhandelbaar nie.
Wees jy 'n ambassadeur vir die Koning van alle konings!

## Ons gees opgewek

**Haggai 1:14** *"En die Here het die gees van Serubbabel...en die gees van Josua...en die gees van die hele oorblyfsel van die volk opgewek. En toe het hulle gekom en die werk begin aan die huis van die Here, hulle God"*

Ons teks gaan oor hoe dat die Here die Jode in hul gees weer moes opwek om die tempel (en mure) in Jerusalem te herbou, nadat hul uit Babilon as slawe gekom het.
Mag die Here ook vir jou sê: *"Nou dan, skep moed...spreek die Here, en werk! Want Ek is met julle, spreek die Here van die leërskare...Aan My behoort die silwer en die goud..."*
(Haggai 2:4,8,9)
Gereeld moet jy en ek in ons gees opgewek word. Ons brand die kers aan albei kante met die gejaagde lewens wat ons leef. Dan kom die normale druk soos siektes en veel meer nog by. Die vraag is nou: Wat doen jy as jy besef jou gees is moeg? Sorg dat die volgende twee dinge plaasvind: Kyk dat jy genoeg rus kry en vra God om jou 'n vars aanraking in jou gees te gee!
Wat rus betref, gee ek hierdie voorbeeld: Ek was betrokke in die bou van 'n kerk in Kroonstad vir sewe maande. Hierdie tyd was 'n tyd van min slaap en baie druk. Die dag voordat ons die kerk ingewy het, het ons dwarsdeur die dag asook Vrydagnag gewerk, om alles klaar te kry. Die Saterdag by die inwyding was ek by breekpunt op die kansel, en amper ineengestort.
'n Vriend hier langs my se aanmerking was: *"Die geestelikste ding wat jy nou kan doen is...gaan slaap!"* Ek sal hierdie goeie raad nooit vergeet nie, en pas dit toe wanneer ek besef my gees 'n opwekking nodig het. Volg my voorbeeld!
Natuurlik het ons gereeld 'n vars aanraking van die Here nodig. Dit vind plaas as ons meer tyd neem in Sy woord en in gebed.

Mag jy versterk word in jou gees – al sluit dit ekstra rus in!
Die eerste woorde in ons teks sê dit alles: *"En die Here het die gees...opgewek"*
Want dit is in elk geval net God wat dit vir jou en my kan doen.

## Dawid se gebed in siekte

**Psalm 38:7-12** *"Ek is krom en inmekaar getrek...my lyf brand van die koors en daar is nie meer 'n gesonde plek aan my liggaam nie...My siekte hou my familie en my vriende ver van my af, en my bure kom nie naby my nie"*

Hierdie is 'n gebed van iemand wat baie siek is. Ja, iemand met wie dit in alle opsigte sleg gaan.
Dawid het geglo dat God hom siek gemaak het weens sy sonde. Hieroor kan ons baie verskil, maar in sy gebed, terwyl hy so siek was, kan ons 'n groot waarheid leer.
Vir my spreek vers 14 boekdele, toe Dawid die volgende gebid het tydens sy siekte: *"Maar ek hou my doof, ek hoor niks, ek hou my stom..."* Let op: Hy sê dat hy hom doof asook stom gehou het.
As jy siek is, of een van jou dierbares, leer by Dawid. Jy moet na niks negatief luister nie en let op hoe jy praat. 'n Gesegde van my is dat baie mense praat ander dood nog voordat hul gesterf het. God het tog die laaste sê oor ons lewe, en geen mens nie! Moenie gedurig praat van jou siekte nie, maar praat eerder van dit wat God kan doen. Bely tekse oor genesing en glo God se woord! 1 Petrus 2:24 staan pragtig uit: *"Hy wat self ons sondes in Sy liggaam op die kruishout gedra het...deur wie se wonde julle genees is"* Die woorde *"genees is"* vertel ons dat die genesingswerk van Christus 'n afgehandelde saak is.
Nog iets wat jy nooit moet toelaat wanneer 'n siekte jou oorval nie, is om te vrees. In Joh. 4:18 lees ons: *"Daar is geen vrees in die liefde nie...die vrees sluit straf in..."* Vrees straf jou met so baie dinge. Moenie toelaat dat vrees jou oorweldig nie. Want God het ons nie 'n gees van vrees gegee nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing. (2 Tim. 1:7)

Hoe tree jy op wanneer siekte jou oorval?
Tree op soos iemand wat in God en Sy woord glo.
Hou jou doof vir negatiewe woorde en let op wat jy praat.

# Dink aan jou huisgesin

**Hebreërs 11:7** *"Deur die geloof het Noag...met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin..."*

Volgens die "HAT" woordeboek bestaan 'n huisgesin uit ouers (of enkelouer) en kinders; en ook uit mense wat in dieselfde huis woon; selfs mense tussen wie daar 'n innige verhouding bestaan word beskou as 'n huisgesin.
Wat jy ookal doen moet jy altyd dink aan jou huisgesin.
In die tyd van Nehemia, met die bou van Jerusalem se mure, was die opdrag dat hulle moes veg vir hul broers; hul seuns; hul dogters; hul vroue en hul huise. (Neh. 4:14) Nehemia het eers gesorg dat die muur gebou was om families te beskerm voordat enigeen in bedieninge aangestel was. (Neh. 7:1)
Ek dink ons gee teveel aandag aan bedieninge in die kerk en te min aandag aan ons huisgesinne. In Nehemia se tyd het elkeen die muur gebou reg teenoor sy huis, om sy gesin te beskerm. Bou eers by jou huis om jou gesin te beskerm beskerming.
As dit met die gesin goed gaan sal dit goed gaan in die kerk sowel as enige plek in die samelwing. Vir die Here is die gesinslewe so belangrik dat Hy nie 'n man se gebedes sal antwoord as hy nie mooi werk met sy vrou nie. (1 Pet. 3:7)
Manne, neem kennis van hierdie Skrifgedeelte en beoefen dit!
Vir hierdie rede het ek my haarkapper in Bloemfontein die opdrag gegee om alle bedieninge wat hy in die gemeente gedoen het vir drie maande te staak, omdat daar probleme was met sy kinders. Hy moes sy twee seuns en 'n dogter geestelik bedien en seker maak dat hul gered is. Ek het hom belet om verder enige iets in die gemeente te doen totdat hy sy huisgesin geestelik gehelp het. Gelukkig kan ek vandag getuig dat hy in daardie drie maande goeie werk gedoen het en geslaag het!

Vir die Here het elke huisgesin groot waarde.
Wat jy ookal doen – hou jou huisgesin in gedagte.
Vra die Here 'n strategie hoe jy (julle) te werk moet gaan.

# Die waarde van gebed

**Openbaring 5:7,8** *"Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit (dit is God) en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is."* Die Boodskap vertaal dit: *"Uit die bakke het daar die lekkerste geur gekom. Ek kon sien dat dit die gebede van die Christene was wat vir almal in die hemel so lekker is om te hoor..."*

Wonderlik! Ons gebedes is vir God só belangrik dat dit vir Hom soos reukwerk is. Daar moet nie 'n dag wees dat jy nie bid nie. Gebed is belangrik en vermag meer as wat ons kan dink.
God het die gebed van Israel gehoor toe die Egiptenaars hulle aangeval het, en die Rooi see gekloof, sodat hulle droogvoets kon deurgaan. Dink wat Hy vir jou kan doen?
Die Here het Daniël se gebed verhoor en die leeus kon hom nie verskeur nie. Bly bid – en Hy sal jou bewaar teen enige "leeus"
Toe Hiskia maar 39 jaar oud was het hy siek geword en verneem dat hy moet sterwe (2 Kon. 20) Hy het ernstig gebid en die Here het nog vyftien jaar by sy lewe gevoeg.
Is jy siek maar wil jy graag langer leef? Hoekom bid jy nie met groter oorgawe tot God nie – Hy mag besluit dat Hy jou lewe sal verleng! Ek het dit persoonlik ondervind, daarom kan ek dit by jou aanbeveel.
Elia bid vuur uit die hemel asook reën. (1 Kon. 17 en 18) En in Jak. 5:17,18 lees ons: *"Elia was 'n mens net soos ons..."* Hy het wel eenmaal gebid vir die vuur en sewe keer dat dit moet reën. 'n Mens kan dus meer as een maal vir 'n saak kan bid - Selfs Jesus het twee keer gebid vir 'n blinde man in Mark. 8:22-26.

Ons gebede is vir God kosbaar en waardevol.
Wanneer jy bid, moet jy glo dat Hy 'n beloner is. (Heb.11:6)
Mag jou gebed wees soos 'n reukwerk in jou huis – tot Sy eer!

## Om in die Gees te wees

**Openbaring 1:9,10** *"Ek, Johannes...was op die eiland wat Patmos genoem word,...Ek was in die Gees op die dag van die Here..."*

Die Lewende Bybel: *"Dit is ek, julle broer Johannes, wat skryf. Ek is na Patmoseiland verban omdat ek vir mense die boodskap van God gebring het...Terwyl ek daar was, een Sondag, die dag van die Here, het die Heilige Gees in my gewerk"*

Johannes was 92 jaar oud en verban na die eiland van Patmos, terwille van God se woord. Hy is alleen en honger, maar in die Gees. Al was hy oud en nie in die beste omstandighede nie, was hy positief toe hy kon uitroep dat hy in die Gees was. Let op dat die woord "Gees" hier gespel word met 'n hoofletter.
Die Lewende Bybel vertaal dit duideliker met dié woorde:
*"Terwyl ek daar was...het die Heilige Gees in my gewerk"*
Ons tree teveel op in die vlees, menende dat die natuurlike mens teveel in beheer is. Om "in die Gees" te wees meen dat God se Gees totale kontrole oor ons moet beoefen. In 2 Tim. 1:7 lees ons dat God ons nie 'n gees van vrees gegee het nie maar van krag, liefde en selfbeheersing. Wat selfbeheersing betref skryf Salomo: *"Die lankmoedige is beter as 'n held; en hy wat sy gees beheers, as een wat 'n stad inneem"* (Spr. 16:32) Jy sal beter doen as jy toelaat dat jy deur Hom beheer word.
Lees gerus weer hoe die Gees Paulus beheer het. (Hand. 20:22-24) En het jy geweet dat God se Gees die kwaaiste onder ons kan beheer? (1 Sam. 19:18-24)
Leer die waarheid in Rom. 8:26 en vra die Here dat die Heilige Gees jou sal help om volgens Sy wil te kan bid.

Mag jy elke dag ervaar dat die Heilige Gees in jou werk. Alhoewel jy fisies vandag dinge moet doen – is jou oorwinning deur Sy Gees.
*"Nie deur krag en geweld nie, maar deur My Gees, sê die Here"*
(Sagaria 4:6)

**Die Gees soos 'n duif**

**Génesis 8:8,9** *Daarop laat hy 'n duif van hom af wegvlieg om te sien of die waters oor die aarde verminder het. Maar die duif het geen rusplek vir die holte van sy voet gevind nie..."*

Hierdie is dié gedeelte in die Bybel met Noag in die ark, toe die wêreld met water vergaan het. Om vas te stel hoevêr die water gesak het, het Noag 'n paar keer 'n duif uit die ark uitgestuur. Die eerste keer het die duif teruggekeer omdat daar geen plek was waar hy kon sit nie. Die tweede keer het hy teruggekeer met 'n groen olyfblad, om te wys dat daar nuwe lewe was.
In die Bybel sal jy vind dat die Heilige Gees vergelyk word met water; vuur; wind en met 'n duif. Soos wat Noag 'n duif uit die ark uitgestuur het, so het God Sy Gees op aarde uitgestuur.
Die eerste keer dat God Sy Gees "uitgestuur" het vind ons in Gén. 1:2 waar ons lees: *"En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters"* Toe alles "woes en leeg" was en daar duisternis was, het God se Gees die verskil gemaak.
Die Heilige Gees sal ook 'n verskil maak in jou omstandighede. Vertrou Hom vandag daarvoor met jou hele hart.
Net soos wat die duif vir Noag 'n olyfblad gebring het, het God deur Sy Gees wat Hy gestuur het, vir ons nuwe lewe te bring.

Hoekom word die Heilige Gees vergelyk met 'n duif? Netsoos 'n duif baie sensitief is, so is God se Gees sensitief. Doen jou bes om nie God se Gees te bedroef in jou lewe nie! (Ef. 4:30)
'n Duif is rigtingvas. God se Gees nog meer. Laat toe dat Sy Gees jou rigting bepaal. Wonderlik! En soos wat 'n duif geen galblaas het nie, is daar geen bitterheid in God nie!

Mag God se Gees jou omstandighede verander – dat lig sal deurbreek.
Mag Hy jou kragte nuut maak en leegheid laat verdwyn.
Mag Hy jou toon dat daar nuwe lewe is wat vir jou wag.

# Moeilikheid en teëspoed

**Psalm 34:20** *"Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red die Here hom"*
Die Lewende Bybel: *"'n Mens wat aan die Here gehoorsaam is, kom baie moeilikhede teë, maar die Here red hom elke keer."*
Die Boodskap: *"Al tref duisende rampe mense wat die Here liefhet, Hy sal hulle nooit alleen los nie. Uit elke krisis sal Hy hulle red"*

Toe ek 'n jong Christen was het ek gedink dat teëspoed en moeilikheid nie iets is vir die Here se kinders nie. Maar ek het uitgevind dat die duiwel nie jou adres weggooi by jou bekering nie. Inteendeel, hoe nader jy aan die Here leef, hoe meer kom die duiwel sy aanvalle teen jou. Gelukkig is die boodskap wat ons uit ons Skrifgedeelte kry duidelik, naamlik: Al tref teëspoed en moeilikhede ons, sal God daar wees om ons daaruit te red.

Ek kan jou vertel van drie keer dat diewe by ons huis ingebreek het, terwyl ons geglo het dat so iets sekerlik nie moontlik kan wees nie. Ons is tog immers die Here se kinders! Vandag wens ek dat ek jou persoonlik kon vertel hoe ons na elke inbraak, finansieel beter af was as vóór die inbraak. Elke keer het God vir ons as gesin voorsien.
'n Prediker was besig om te preek oor God se genade, toe iemand uit die skare hom toeroep: *"Prediker, jy sê God is 'n genadige God, maar wat het Hy vir Stefanus gedoen terwyl hulle besig was om hom met klippe dood te gooi?"* Hierop was die prediker se antwoord: *"Genade om vir hulle te bid!"*
Hoekom slegte dinge met die Here se kinders gebeur, weet ek nie. Maar ek weet dat Sy genade genoeg is, en dat Hy daar sal wees om ons te red.

Dit is so dat baie moeilikhede oor ons kan kom.
Moenie een oomblik twyfel dat God daar sal wees om jou uit elke krisis te red nie!

## Die Here is jou Voorsiener

**Filippense 4:19** *"En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens Sy oorvloedige rykdom in Christus Jesus"*

Die Boodskap: *"Hy sal vir julle sorg deur vir julle te gee wat julle nodig het. Dit sal Hy doen omdat julle aan Jesus behoort"*

Het jy al probeer dink hoe die Here vir Israel voorsien het tydens hul tog deur die woestyn, wat 40 jaar lank geduur het? Een ding weet ons en dit is dat God vir hulle daagliks manna voorsien het om te eet. Die manna was hul daaglikse brood. Volgens beraming was daar twee miljoen Jode en om hulle elke dag te voed het Moses 150 ton kos nodig gehad om dit te doen. Om die kos elke dag voor te berei het hulle 4000 ton hout nodig gehad. Daarby het hulle ongeveer 50 miljoen liter water per dag benodig. Dank die Here dat Hy vir hulle water, meer as genoeg, uit 'n rots gegee het!
Ons kan nie eers probeer dink hoe het die ou mense, klein kindertjies en babas in die warm son deur die woestyn getrek nie? Ons weet gelukkig dat God hulle bedags met 'n wolkkollom beskerm het. En wat sal jou reaksie wees as jy lees wat geskrywe staan in Deut. 8:4? *"Jou klere het aan jou nie verslyt en jou voet het nou veertig jaar lank nie geswel nie"* Praat van voorsiening – waarlik dit is wat die Here kan doen, en nog veel meer as dit.

Volgens ons teks word ons vertel dat God in elke behoefte vir ons sal voorsien. Hieruit lei ons af dat die Here nie suinig is wanneer dit by voorsiening kom nie. Sy rykdom sluit alles in wat Hy geskep het, daarom is daar niks wat jy nodig het wat Hy nie kan voorsien nie. Waag om dit te glo!

*"God does not supply all your wants but all your needs"*
Bly verbind aan Hom en Hy sal jou gee wat jy vra. (Joh. 15:7)
Sy arm is nie tekort om jou vandag te help nie. (Jes. 59:1)

**Dawid begeer vyf dinge**

**Psalm 51:4,12,13,14,19** *"**Was my heeltemal** van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde...Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my **'n vaste gees**. Verwerp my nie van U aangesig nie en neem **u Heilige Gees** nie van my weg nie. Gee my weer die vreugde van U heil, en ondersteun my deur **'n gewillige gees**...Die offers van God is **'n gebroke gees**; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!"*

Dawid het in sonde geval met 'n ander man se vrou. Hy roep nou tot God en begeer vyf dinge van die Here. Hy begin by die regte plek, naamlik om **vergifnis** te vra van sy sonde.
Nadat Dawid sy sonde voor God bely het vra hy vir 'n **vaste gees**; hy vra ook dat God nie Sy **Heilige Gees** van hom sal wegneem nie; hy begeer dat die Here hom sal versterk met 'n **gewillige gees** en dan erken hy dat God nie 'n **gebroke en sagte gees** sal minag nie. Dawid skryf ook in Psalm 34:15: *"Die Here is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees"*
Kom ons bid vir 'n vaste gees soos wat Daniël gehad het sodat ons voor niks anders as die lewende God sal buig nie. Ook vir 'n gewillige gees om met groot ywer te doen wat die Here van jou verlang. Gewillig om soos Jesaja vir God te kan sê: *"Hier is ek, stuur my"* (Jes. 6:8) En soos Paulus (Hand. 21:13) In hierdie harde wêreld waarin ons leef moet ons as God se kinders ook 'n sagte hart kan hê. Jou hart moet kan omgee vir ander en sag genoeg om te kan sê dat jy jammer is. Maar bó alles, vra die Vader dat Hy nooit Sy Gees van jou af sal wegneem nie!

Begeer dat die Here jou heeltemal sal reinig.
Dat Hy jou 'n vaste; 'n gewillige asook 'n gebroke gees sal gee.
Maar bó alles, dat Sy Heilige Gees by jou sal bly!

**As ons sal bid**

**2 Kronieke 7:13,14** *"As Ek die hemel toesluit...en My volk, oor wie My naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en My aangesig soek en hulle bekeer van hulle verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees"*

As daar ooit 'n belofte is wat ons moet vasgryp, dan is dit verseker hierdie een. Maar elke belofte van God is gekoppel aan 'n voorwaarde. Die voorwaarde wat gekoppel is aan hierdie belofte in ons teks is: Raak ontslae van hoogmoed; soek God en breek weg van dit wat verkeerd is in jou lewe. Dan sal God hoor; vergewe en herstel!

Kom ons bid ernstig dat mense gered word en tot kennis van die waarheid sal kom, soos wat ons lees in 1 Tim. 2:3,4 *"Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom."* Die Boodskap vertaal 1 Tim. 2:1,2 soos volg: *"Die eerste ding wat ek vra, is dat julle vir almal moet bid...Dit maak nie saak of dit die belangrikste persoon in die regering is en of dit sommer 'n gewone polisieman is nie, bid vir elkeen wat moet sorg dat alles goed gaan in die gemeenskap."*
Kom ons bid vir 'n magtige herlewing soos wat Walles ondervind het in 1903/1904. Voor hierdie herlewing het Evan Roberts vir 15 maande ernstig daarvoor gebid.
Toe die herlewing gekom het, het mense selfs op straat tot bekering gekom. (Sal dit nie wonderlik wees nie?) Alle kroeë het vir 'n paar jaar gesluit. Die muile wat in die myne gewerk het, kon nie hulle werk doen nie, omdat hul base tot bekering gekom het en nie meer op die muile gevloek en geskel het nie!

Vandag se boodskap is 'n oproep tot gebed en toewyding. Ons moet breek met wat verkeerd is en bid vir ons geliefdes. Bid só vir herlewing: *"Here, maak ons weer lewendig en herstel ons blydskap!"* (Ps. 85:7)

## Moenie oordeel nie

**Matthéüs 7:1** *Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie"*

Die Boodskap: *"Moenie so gou foutvind nie"*

In Matthéüs 7:1-5 verbied Jesus nie kritiek in geheel nie. Daar is wel opbouende kritiek. Maar dit is verkeerd om fout te vind by ander terwyl onsself nie volmaak is nie.
Gistermiddag het my vrou en ek kruideniers gaan koop by ons "Shopping Mall" en op pad na ons motor het ons 'n baie duur motor gesien wat geparkeer het waar net gestremdes mag parkeer. My vrou maak die aanmerking dat dit haar verbaas om te sien hoe gesonde mense kanse vat en daar parkeer – dit is tog só verkeerd. Sy het haar verontwaardiging daaroor uitgespreek.
Met die terugneem van die Supermark se karretjie sien ek hoe 'n klein tingerige vroutjie, met misvormde bene, sukkel om in hierdie duur motor te probeer inklim agter die stuurwiel in! Natuurlik het ek my vroutjie ingelig oor wat ek gesien het en het sy in skaamte *"eksuus tog"* vir die Here gevra. Weereens het ons albei besef dat ons nie mag oordeel nie – al dink jy dat jy oor al die inligting beskik. Net God, as die Regverdige Regter, het die reg om te oordeel. Geen een van ons het die reg nie. Die Bybel stel dit duidelik in Jak. 4:12 *"Een is die Wetgewer, Hy wat mag het om te red en te verderf. Maar jy, wie is jy wat 'n ander oordeel?"*
Maak liewer soos 'n vriend van my wat eenmaal 'n dronkman gesien slinger het langs die pad, en met trane wat oor sy wange geloop het, het hy die volgende aanmerking gemaak: *"Daar loop ek, as dit nie God se genade was nie"*

Dank God, vir ons is daar geen veroordeling nie. (Rom. 8:1)
Onsself het geen reg om iemand anders te oordeel nie.
*"Spreek vry, en julle sal vrygespreek word"* (Luk. 6:37)

# Die vergifnis boodskap

**Matthéüs 6:9,12** *"Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat U Naam geheilig word...en* ***vergeef*** *ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars* ***vergewe****"*

Die vergifnis boodskap bly 'n wonderlike boodskap. God het ons vergewe; daarom moet ons hulle vergewe wat teen ons gesondig het; maar ons moet nooit vergeet om onsself ook te vergewe nie. Kol. 2:14 in Die Lewende Bybel lees so mooi: *"Hy het `n streep getrek deur die rekening van ons skuld, die lys van al die wette wat ons oortree het. Dit het alles teen ons getel, maar God het hierdie rekening tot niet gemaak toe Hy dit teen die kruis vasgespyker het."*
(Lees ook die volgende: Ps. 103:12; Jer. 31:34; Miga 7:19;)
Terwyl ek in Kiev, Ukraine die vergifnis boodskap in 'n Bybelskool geleer het, het een van die studente haar geskiedenis aan my kom vertel. Haar ouers was geskei. Haar pa het van Moskou gekom en haar gevra om, met haar twee kinders, by hom te kom woon. Sy het by haar moeder in 'n drie-slaapkamer woonstel in Kiev gewoon. Haar pa, en sewe ander, was in 'n klein woonstel in Moskou. Sy het haar vader se aanbod van die hand gewys. Kort hierna het hy 'n beroerte aanval gehad en is elf dae later in 'n hospitaal oorlede.
'n Hele paar jaar het nou verloop en al die tyd het hierdie dame haarself verwyt vir haar vader se dood. Maar toe sy hoor dat sy haarself kan vergewe, het 'n lig vir haar opgegaan en groot vrede het oor haar gekom. In trane kon sy, die tolk en ekself, daar in die portaal van die gebou mekaar omhels en saam God dank vir wat Hy vir haar gedoen het. Sy was waarlik 'n vry mens. Ek wens jy kon saam met ons, haar vreugde wat met trane gemeng was, daardie dag ervaar het.

Die Here het 'n streep getrek deur jou verkeerde verlede.
Nou het jy die sleutel van vergifnis om jouself ook te vergewe.
Ontsluit vir jouself alle deure en stap uit vol vreugde en vrede!

# Ons opdrag

**Matthéüs 10:1** *"En Hy (Jesus) het Sy twaalf dissipels na Hom geroep en aan hulle mag gegee oor onreine geeste, om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke kwaal te genees"*

Toe Jesus Sy twaalf apostel geroep het was hierdie opdrag hoofsaaklik vir hulle gewees. Hulle moes in Sy Naam, onreine geeste uitdryf en bid dat siekes gesond sou word.
Maar net voordat Jesus opgevaar het hemeltoe gee Hy 'n soortgelyke opdrag aan jou en my wat ons lees in Markus 16:17,18 *"En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf...op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word"*
Die opdrag is duidelik, dit is vir die wat glo. Wonderlik, dan sluit hierdie opdrag vir jou en my in!
Om ons opdrag beter te verstaan kyk ons na die vertaling van Matt. 10:1,5 in Die Boodskap: *"Daarna roep Jesus sy twaalf dissipels eenkant toe...Dit was die eerste groep mense wat in die ryp oeslande moes gaan werk. Jesus het vir hulle die nodige toerusting gegee, naamlik die mag om bose geeste te verjaag wat mense se lewe deurmekaarkrap, om siekes gesond te maak, en om mense te help wat op die een of ander manier deur die lewe gekneus is"*
Ek hou van hierdie uitdrukking dat ons bose geeste moet *"verjaag"*! Verder wil die Here ook hê dat jy (en ek) vir iemand moet bid wat siek is. Kom ons doen dit!
Indien jy voel dat dié opdragte vir jou te groot is, is die volgende een sekerlik in jou vermoë: *"om mense te help wat op een of ander manier deur die lewe gekneus is"*
Van hulle is daar baie wat in nood uitroep na jou en my.

Wees sensitief en word bewus van die nood om jou.
Al wat jy dan moet doen is om vir die Here te sê:
*"Here, hier is ek, gebruik my!"*
Dit gaan nie oor bekwaamheid nie – dit gaan oor gewilligheid!

## Sy Woord genees en red

**Psalm 107:20** *"Hy het Sy woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak en hulle uit hul kuile red"*
Die Boodskap: *"Die Here het net een woord gesê, en toe word hulle gesond. So het Hy hulle uit die dood se kloue gered"*

God se woord maak gesond; maak vry van sonde en gee selfs bevryding van bose gedagtes. Die Bybel sê in Jes. 53:5 *"Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom"*
Daar was 'n vrou in ons gemeente wat een nag baie siek was. Omdat hulle vêr van die dorp op 'n plaas gewoon het, wou sy my nie die nag bel om vir haar te kom bid nie. Baie kinderlik het sy die Bybel oopgemaak op Psalm 91 en op haar bors geplaas, terwyl sy die Here aangeroep het vir haar genesing. Sy het geglo dat sy God se woord letterlik op haar moes plaas. Die Here het haar net daar volkome gesond gemaak. Jy kan vandag God se woord glo vir jou asook jou gesin se genesing. Lees en oordink daagliks Sy woord, sodat jy saam met Dawid kan sê: *"Ek het U woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie"* (Ps. 119:11) As God se woord in jou hart is sal daar nie plek wees vir dit wat Hom nie tevrede stel nie. Daar is een plek is waar die siele-vyand ons aanval – dit is in ons gedagtes. Hy is geneig om dit te doen as jy rustig wil slaap na 'n baie besige dag. Gebruik God se woord teen sy aanslae. Maak seker dat jy genoeg tekse het wat jy teen enige aanval kan gebruik. Jy moet vir niks vrees nie, want die Bybel sê in 1 Joh. 4:18 *"Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie"*

Lees die Bybel baie en met aandag sodat dit met jou sal praat.
Laat toe dat Sy woord jou hart en gedagtes gedurig volmaak.
Daar is voorwaar genesing en redding in Sy woord!

**Beheer deur die tong**

**Jakobus 3:2** *"Want ons almal struikel dikwels. As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam in toom te hou"*

Die Lewende Bybel: *"Ons almal maak baie foute. As iemand bv. nooit iets verkeerds sê nie, is hy 'n volmaakte mens, want dan is hy iemand wat homself heeltemal kan beheer"*

Dit is 'n merkwaardig om te dink dat ons tong die vermoë het om ons liggaam in toom te hou. Indien jou liggaam nie onder beheer is nie, let maar gerus op wat uit jou mond kom. Maar ek wil nog verder gaan en sê dat jou tong jou koers in die lewe sal bepaal. Indien jy aanhou sê dat jy dit nie sal maak in die lewe nie, kan jy jou maar regmaak daarvoor. Spreek eerder oorwinning en sukses oor jouself, want jy sal kry wat jy sê.
As ons let op dit wat die meeste mense elke dag praat, dan besef ons dat Jakobus se lering oor die tong iets baie belangrik is. Hy vergelyk die tong met die stuur van 'n groot boot deur 'n klein roer. Woorde begin altyd by 'n gedagte. Swyg liewer voordat jou tong jou in 'n verkeerde rigting neem.
Ek verbaas my nog steeds om te hoor hoe mense praat van kwale in hul familie, en dan sê hulle dinge soos: *"Ek het mos 'n familie kwaal, en volgens die Bybel word ons besoek tot aan die derde en die vierde geslag..."* Hierdie woorde staan in Ex. 20:5, maar hoekom lees hulle nie ook die laaste deel van hierdie teks nie? Want daar staan: *"...van die wat My haat"*
As jy God nie haat nie is hierdie vloek mos nie van toepassing op jou nie? Ek wil nie eers praat van die verkeerde name op borde by die ingange na plase nie. As die naam van die plaas *"Verdriet"* is, wat verwag jy op daardie plaas? As ek so'n plaas moet koop verander ek dadelik sy naam na *"Blydskap"*

Weeg dus jou woorde, want daar is beheer deur jou tong.
Jy het die mag om verkeerde woorde uit jou mond te keer.
Praat oorwinning; genesing; praat voorsiening; praat seëninge!

## Die vrees van die Here

**Psalm 34:8** *"Die Engel van die Here trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit"*

Die Hebreeuse woord wat hier as "vrees" vertaal is, beteken "eerbied en respek" Moet dus nooit jou eerbied en respek teenoor God verloor nie. Indien ons eer en respek aan die Here gee, sal Hy Sy engele opdrag gee om ons te beskerm en ons te red uit ons nood.

Ons vra God altyd om ons te beskerm. Laat ons eerder die Here eer en respekteer in alles wat ons doen, want dan belowe Hy om ons te beskerm en te red. God neem kennis van hulle wat Hom vrees, want ons lees in Mal. 3:16: *"Toe het die wat die Here vrees, met mekaar gespreek; en die Here het dit opgemerk..."*

Oordink ook die volgende tekse:

Ps. 34:10 *"Vrees die Here, o Sy heiliges, want die wat Hom vrees, het geen gebrek nie"*

Spr. 1:7 *"Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis"*

Spr. 8:13 *"Die vrees van die Here is om te haat wat sleg is"*

Spr. 14:26,27 *"In die vrees van die Here lê 'n sterk sekerheid, ook vir die kinders...sal daar 'n toevlug wees. Die vrees van die Here is 'n fontein van die lewe, om van die strikke van die dood af te wyk" ( Die Boodskap vertaal dit soos volg: "Dit beskerm jou teen angs en spanning" )*

Spr. 16:6 *"Deur die vrees van die Here wyk 'n mens af van die kwaad"*

In die tyd waarin ons vandag leef het ons verseker leiers nodig wat ons sal leer hoe om God te vrees, soos wat gedoen was in 2 Kon. 17:24-28.

Moet nooit jou eer en respek teenoor God verloor nie.
Jy hoef absoluut niks te vrees as jy Hom vrees nie.
Vertrou Hom in alles en Hy sal jou paaie gelyk maak. (Spr. 3:6)

## Gebed bereik die onmoontlike

**Josua 10:12,13** *"Toe het Josua met die Here gespreek, op die dag dat die Here die Amoriete aan die kinders van Iasrael oorgegee het...en voor die oë van Israel gesê: Son, staan stil...Toe staan die son stil en bly die man staan totdat die volk hulle gewreek het op hul vyande"*

Volgens wetenskap beweeg die son nie om die aarde nie maar die aarde beweeg om die son. Al wat Josua begeer het was dat Israel meer sonlig sou hê om die geveg te wen. Al bid jy nie wetenskaplik korrek nie maak dit nie saak nie.

Het ons iewers in hierdie wêreld 'n dag verloor? Ek ontdek toe 'n ou artikel wat in "Die Burger" van 24/10/1970 verskyn het met die opskrif: "Die dag toe die son stilgestaan het" – deur Jack Vivier. Dit lees soos volg: *"Die Amerikaanse Lugvaart- en Ruimte- Administrasie het onlangs 'n geweldige soektog op tou gesit om die 24 uur wat iewers verlore geraak het te vind. Die man wat die verhaal vertel van die eienaardige soektog en die nog eienaardiger oplossing, is Mnr. Harold Hill, voorsitter van Baltimore se Curtis Engine Co., 'n raadgewer van die ruimteprogram. Mnr Hill vertel dat iemand opgestaan en begin vertel het dat hy in die Sondagskool geleer het van 'n dag toe die son stilgestaan het. Geleerdes het eers grootoog na hom gekyk, en het gaan lees in Josua 10:8,12,13. Uiteindelik het die komper gevind dat 23 uur en 20 minute daardie dag verlore geraak het. Wat nou van die ander 40 minute – wat het daarvan geword? Die man wat in die Sondagskoolklas was het die antwoord gehad. Dit was opgeteken in 2 Konings 20:9-11. Nou het hulle die res van die antwoord, want 10 grade van die son verteenwoordig veertig minute!"*

Die les wat ons leer is: Ons dien die God van die onmoontlike. Hy is instaat om natuurwette te verander om ons te antwoord. Jy kan maar aanhou bid – want God sal hoor!

## As moeilikheid toesak

**2 Kronieke 20:17** *"Julle hoef nie te veg nie, neem net posisie in en staan en kyk na die oorwinning van die Here vir julle. Moenie vrees nie…moenie bang wees nie"*

Hierdie teks kom uit die verhaal waar koning Josafat en Israel 'n groot oorwinning behaal het oor die oormag van hul vyande. As moeilikhede oor jou toesak, neem jou posisie in (wat jy in Christus is) en maak jou gereed om te sien hoe die Here vir jou die uitkoms gaan gee.
Een van die eerste dinge wat Josafat gedoen het, was om sy afhanklikheid van God te erken. (vers 12) Dit is wat jy in hierdie dag moet doen.
Bó alles, weier om enige vrees toe te laat. (vers 15) *"Wees nie bevrees of verskrik nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God"* Weet dat God ons nie 'n gees van vrees gegee het nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing. (2 Tim. 1:7) Doen wat ons lees in Ex. 14:14: *"Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees"*
Die Here is met jou in die stryd – raak rustig, want Hy gaan vir jou stry en dan gaan Hy vir jou die oorwinning gee.

Een van die belangrikste dinge is om te midde van jou probleem, nog steeds lof aan God te gee. Lees 2 Kronieke 20:20-26 met aandag. Besef watter krag daar is wanneer die Here geprys word. Die Bybel sê dat God woon onder ons lofsange. (Ps. 22:4) Toe Jona binne die vis se ingewande was (en dit was 'n groot probleem!) het lof aan God sy bevryding bewerkstellig. (Jona 2:9,10) Begin God loof en jy sal sien dat jou probleem van jou ontslae sal raak.

*"Van alle kante af sak moeilikhede op my toe, maar hulle druk my nie plat nie. Ek verstaan nie altyd waarom dinge gebeur nie, maar dit maak my nie moedeloos nie...die Here is by my"*
2 Kor. 4:8,9 (Die Lewende Bybel)

# Lewe en oorvloed

**Johannes 10:10** *"Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat julle lewe en oorvloed kan hê"*

Wonderlik – oorvloedige lewe! Die Griekse woord wat hier gebruik word vir oorvloed is *"perissos"* en beteken "oorvloedig – 'n surplus – meer as genoeg – bo die normale"
Glo in oorvloed soos wat die Bybel ons leer. Dié waarheid raak ons materieel en liggaamlik asook geestelik. Maar bó alles skenk Sy oorvloedige lewe aan ons die ewige lewe.
Jesus het gesê dat Hy lewe bring – nie net gewone bestaan nie – lewe in oorvloed! Lees, en glo wat geskrywe staan in 3de Johannes vers 2: *"Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan"* Oorvloedige lewe in alles!
Die dief waarna hier verwys word is die duiwel en wie hy ookal gebruik, wat wil kom om ons te beroof van seëninge en van alles wat mooi is in die lewe.
Van die begin af was dit God se plan dat dit met ons goed sou gaan, soos wat ons lees in Gen. 1:26,28. Die Boodskap verduidelik aan ons aan wie hierdie belofte, reg in die begin gegee was: *"God het toe die mens gemaak. En dié mens het iets van God in hom gehad. Dié mens het soos God gelyk. God het 'n man en vrou gemaak"* (vers 27)
Jou eerste stap na 'n oorvloedige lewe is dat jy dit vir jouself en jou geliefdes moet glo.
Glo wat God gesê het in Jer. 29:11: *"Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee"*

Jy is iemand wat baie spesiaal is vir die Here.
Jy is met die duurste prys denkbaar gekoop – Jesus se bloed.
Besluit om te leef soos iemand wat lewe en oorvloed het!

## Hoe oud is "te oud"?

**Psalm 37:25** *"Ek was jonk, ook het ek oud geword, maar nooit het ek die regverdige verlate gesien, of dat sy nageslag brood soek nie"*

Die les wat Dawid geleer het was dat vanaf sy jeug totdat hy oud geword het, het die Here vir hom gesorg. Ek het ook geleer dat niemand te oud is om deur die Here gebruik te word nie. Dieselfde geld vir hulle wat voel dat hulle te jonk is.
Ons weet dat Moses 80 jaar oud was toe hy Israel uit Egipte uitgelei het na hul beloofde land. Aaron, sy broer, was drie jaar ouer as hy. Hy was dus, as hoëpriester, op daardie stadium 83. Mirjam, die oudste van die gesin, was twaalf jaar ouer as Moses. Nadat Israel deur die Rooi see getrek, het Mirjam met tamboeryn die vroue gelei in koordanse, om God te loof. (Ex. 15:20,21) Op daardie stadium was sy 92 jaar oud. Hoe oud is "te oud" om nog lof aan die Here te gee?
Anna die profetes was 84 jaar oud toe sy in die tempel oor Jesus geprofeteer het. (Luk. 2:36,37 ) Hoe oud is "te oud" om nog te profeteer? Jy is nie te oud of te jonk, dat die Here jou kan gebruik in een of ander gawe nie.

Wat my bekommer is dat baie voel "te oud" en glo dat hulle nie meer diensbaar kan wees en sukses kan bereik nie.
Ek dink aan die storie van die ou man en jongman wat in 'n kompetisie bome in 'n woud gekap het. Natuurlik wou die jongman wen, want hy was sterker. Met die jeug aan sy kant, het hy net bly kap. Die ou man moes met tye rus. In hierdie tyd het hy die lem van sy byl skerper gemaak. Die einde van die storie is – die ou man het die kompetisie gewen. Laat jou nogal dink nê?

Jy is nooit "te oud" of selfs "te jonk" vir die Here nie.
Skerp jouself net gedurig op in jou doel wat jy wil bereik.
Wees altyd beskikbaar vir die Here – al voel jy onbekwaam.

## Groter wonders as Jesus?

**Johannes 14:12** *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat ek doen, sal Hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan"*

Wonderwerke het nie opgehou nadat Jesus opgevaar het hemeltoe nie! Hierdie belofte wat Hy gegee het, geld vir vandag. En vir wie geld dit? *"vir almal wie in Hom glo"*

Ek dink terug aan die eerste keer toe ek gesien het hoe 'n genesing plaasgevind het op gebed. Dit was Januarie 1955 op 'n Sondagmiddag by Wembley Stadion (Johannesburg) Ek was 17 en was 'n paar maande die Here se kind. (Joh. 1:12)
Die stadion was volgepak met 35,000 mense. Die prediker was 'n Amerikaanse evangelis by name Oral Roberts. Gelukkig het ons naby die verhoog gesit en kon mooi sien wat plaasvind. Daar was vir 'n dame gebid wat polio gehad het. Sy was 42 jaar oud en het twee krukke gebruik om te loop. Sy het polio gekry toe sy 12 jaar oud was. Wat ek kon sien is die baie dun bene wat sigbaar was, versterk met ysters. Hulle het die ysters verwyder en haar spesiale skoene uitgetrek. Dit was skokkend om haar verdraaide voete te sien. Die prediker het sy hande op haar hoof geplaas en in Engels was sy gebed min of meer soos volg: *"I pray in the Name of Jesus, be healed!"* Die volgende oomblik (en ek het my oë nie toegemaak nie) was albei haar bene volmaak genees met die regte grote kuite asook normale voete. Ja, natuurlik het ek gesit en huil terwyl ek die Here as jong Christen gedank het. Die dame het, kaalvoete, afgehardloop van die verhoog af terwyl sy die Here geprys het. Duisende mense het saam met haar lof aan God gegee. Daardie dag het baie mense hul tot die Here bekeer.

Voorwaar, ons dien 'n wonderwerkende Jesus.
Vandag soek Hy ons "hande" waardeur Hy wil werk.
Deur ons wil Hy nog groter wonders doen – is ons beskikbaar?